



# **CHRISTOFFEL ESTERHUÿS**

(STAMVADER VAN DIE ESTERHUÿS-  
FAMILIE IN SUID-AFRIKA)

*DEUR*  
*DR J.H. ESTERHUYSE*



# **CHRISTOFFEL ESTERHUÿS**

(STAMVADER VAN DIE ESTERHUÿS-  
FAMILIE IN SUID-AFRIKA)

DEUR  
**DR J.H. ESTERHUYSE**

## INHOUDSOPGAWE

<b>Voorwoord</b>		ii
<b>Bedankings</b>		iii
<b>Inleiding</b>		1
<b>Hoofstuk I</b>	<b>Die stamvader Esterhuys se oorspronklike familienaam</b>	3
<b>Hoofstuk II</b>	<b>Die stamvader Esterhuys se oorspronklike familienaam (vervolg)</b>	6
<b>Hoofstuk III</b>	<b>Christoffel se stamland, sy kinder- en jeugjare, en verhuising na die Kaap</b>	9
<b>Hoofstuk IV</b>	<b>Die beginjare</b>	13
<b>Hoofstuk V</b>	<b>Christoffel boer in vennootskap, 1692 tot 1699</b>	16
<b>Hoofstuk VI</b>	<b>Christoffel se huwelik en gesin</b>	18
<b>Hoofstuk VII</b>	<b>Christoffel se plase en dorps huis</b>	20
<b>Hoofstuk VIII</b>	<b>Christoffel se boerdery, 1700 - 1713</b>	22
<b>Hoofstuk IX</b>	<b>Christoffel se boerdery 1714 -1722</b>	24
<b>Hoofstuk X</b>	<b>Die egpaar se laaste lewensjare</b>	27
<b>Hoofstuk XI</b>	<b>Die egpaar se boedel</b>	29
<b>Hoofstuk XII</b>	<b>Christoffel as mens</b>	32
<b>Hoofstuk XIII</b>	<b>Eerste geslag aan die Kaap</b>	34
<b>Hoofstuk XIV</b>	<b>Die verspreiding van die familie in Suid-Afrika</b>	36
<b>Verwysings</b>		38
<b>Bylae A</b>	<b>Skryfwyses van Christoffel se naam</b>	51
<b>Bylae B</b>	<b>Handtekening van Christoffel se kleinseun</b>	52
<b>Bylae C</b>	<b>Verskillende spelwyses van "huys"</b>	53
<b>Bylae D</b>	<b>Omrekeningstabel</b>	54
<b>Bylae E</b>	<b>Grondbried vir Hartenberg</b>	55
<b>Bylae F</b>	<b>Grondbrief vir Weltevreden</b>	56
<b>Bylae G</b>	<b>Kaart van huidige Hartenberg</b>	57

## VOORWOORD

Die Esterhuyse-familie van Suid-Afrika (wat alle aangetroudes insluit) is uiters bevoorreg om 'n produk van die gehalte van hierdie werk, *Christoffel Esterhuys*, in die hand te kan neem en hulle daarmee te kan vereenselwig. Die skrywer, voormalige Direkteur van Argiewe van Suid-Afrika, se vakgebied, opleiding en ondervinding plaas hom in 'n kategorie van navorsers wat min gelykes het.

Die werk onderskei hom op talle wyses. In die eerste plek is dit nie 'n gewone genealogiese studie van 'n stamvader en sy nasate in Suid-Afrika nie. Die skrywer was hier gekonfronteer met talle probleme wat nie noodwendig geldig is vir alle families van Wes-Europese herkoms in Suid-Afrika nie. Omdat die land van herkoms, die korrekte spelling van die familienaam van Christoffel en die datum van aankoms nie in die sekondêre bronne weerspieël word nie, moes die navorser groot vernuf, speurvermoë, maar veral akademiese kundigheid aan die dag lê om die vestigingsgeskiedenis van hierdie stamvader bloot te lê.

Die groot aantal instansies wat onder die *Bedankings* gelys word, saam met die verwysings, gee 'n aanduiding van die omvang van die navorsing. Die belang van ervaring en kundigheid by so 'n ongewone werk, blyk uit die metodiek wat deur die gesoute navorser gevolg word in byvoorbeeld Hoofstuk XII, *Christoffel as Mens*. Om 'n beeld te probeer skep van die persoonlikheid van iemand wat meer as driehonderd jaar gelede gelewe het, is vanselfsprekend 'n baie groter uitdaging as om oor sy doen en late verslag te doen. Nie dat laasgenoemde 'n maklike taak is nie! Tog kry die leser duidelike, goed gegronde indrukke van Christoffel Esterhuys, die mens, wat die gevolg is van weldeurdagte afleidings vanuit die primêre bronne.

Ek wil die hoop uitspreek dat *Christoffel Esterhuys* deur baie mense gelees sal word, deur almal geniet sal word en bowe-al dat dit navorsers sal inspireer om genealogiese en verwante studies op die regte wyse aan te pak en deur te voer.

**Matilda Burden**

**Stellenbosch  
Mei 1999**

## BEDANKINGS

Die gegewens oor Christoffel se lewe is van verskillende instellings hier te lande, asook in die buiteland, bekom. Hierdie lewenskets sou nie voltooi kon word sonder die hulp wat ek met die versameling daarvan, van hierdie instellings sowel as van 'n aantal individue ontvang het nie.

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om my opregte dank en waardering te betuig aan die hoofde en personeel van die onderstaande instellings, en aan die persone wie se name hier genoem word, vir die hulp wat verleen is met die navorsing vir die boek.

Staatsargief, Kaapstad; Transvaalse Staatsargief, Pretoria; NG Kerkargief, Kaapstad; Des Archives de France, Parys; Algemenen Ryksarchief, S'Gravenhage; Ryksarchief, Leeuwarden; Gemeente Archief, Leeuwarden; Gemeente Archief, Groningen; Akteskantoor, Kaapstad; Landmeter-Generaal, Kaapstad; Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad; Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch; Bureau voor Genealogie, S'Gravenhage; Instituut voor Dialectologie, Volks- en Naamkunde, Amsterdam; Genealogiese Dienst, Groningen; dr C.H. Bruins, Groningen; dr J. Platger, Pretoria; prof R. Baeyens, Brussels; mev J.H. Cairns, Kaapstad; dr J.C. Visagie, Stellenbosch; mnr H. Vos, Stellenbosch; mev S. van der Vyver; mev S. Lutz en aan dr Matilda Burden van die Universiteit van Stellenbosch, wat so vriendelik was om die Voorwoord te skryf. Aan my vrou en kinders vir hulle ondersteuning en aanmoediging, ook baie dankie. In besonder wil ek my seun, Erich, bedank vir die publisering van die werkie.

**J.H. Esterhuise**

**STELLENBOSCH**  
**Augustus 1999**

## INLEIDING

Christoffel, stamvader van die Esterhuys-familie, het hom in 1684 as vryburger in die pasgestigte distrik van Stellenbosch gevestig; 32 jaar nadat Jan Van Riebeeck op 6 April 1652

in Tafelbaai aangekom het om 'n verversingspos vir die Here XVII aan die Kaap te stig. (1)

Met Christoffel se aankoms was die verversingspos reeds tot 'n volwaardige kolonie ontwikkel, ten spyte daarvan dat die Here XVII nie van plan was om 'n kolonie te stig nie. Van Riebeeck se opdrag was om 'n fort en hospitaal in Tafelbaai te bou, en om met 'n uitgebreide boerdery in die vorm van 'n groentetuin en vrugtebome te begin langs die Verserivier, wat gevloei het waar die huidige Adderleystraat loop. Verder moes hy koringlande aanlê en aanteelbeeste en -skape van die inheemse stamme ruil. Die doel was dus slegs om 'n boerdery aan die Kaap te begin om vars voedsel aan die Kompanjie se skepe van en na die Ooste te verskaf. (2)

Die Here XVII het egter nie voorsien dat die landboupotensiaal van die Kaapse Skiereiland beperk was nie. Dit is deur die onvrugbare en sanderige Kaapse Vlakte van die hinterland afgesny, die steil berge van die Skiereiland was ongeskik as weiveld vir skape en beeste, en landbougrond was beperk. (3) Na 'n wankelrige begin het die boerdery egter op dreef gekom, en is begin om voedsel aan besoekende skepe te lewer. (4) Die boerdery kon egter spoedig nie genoeg vars voedsel produseer nie. In die eerste jaar het 22 skepe, en in 1656 het 44 skepe in Tafelbaai aangedoen. (5) Daar is bereken dat ongeveer 350 beeste en 3 700 skape in 1670 vir besoekende skepe geslag is, (6) bo en behalwe dié vir die plaaslike garnisoen. Om die vleisvoorraad aan te vul, is handelstogte van tyd tot tyd na die binneland onderneem om slagvee van die inheemse stamme te bekom. (7)

Om die tekort aan te vul, het Van Riebeeck aan die Here XVII voorgestel dat voormalige amptenare van die Kompanjie aangemoedig moes word om met intensiewe boerderytjies te begin op grond wat aan hulle toegeken sou word. (8) Die Here XVII was aanvanklik huiwerig maar het uiteindelik toegegee en op 21 Februarie 1657 het die eerste nege vryburgers hul plase ontvang. Aanvanklik het elkeen soveel grond ontvang as wat hy in drie jaar kon bewerk, maar dit is later tot 10 morges vergroot. Hulle moes groente kweek en koring saai, en kon skape en beeste aanhou. Die opbrengs moes teen 'n baie lae vasgestelde tarief aan die Kompanjie gelewer word.

Van Riebeeck het die vryburgers in twee groepe verdeel, en elke groep 'n "kolonie" genoem. (9) Die twee groepies vryburgers was die begin van kolonisasie aan die suidpunt van Afrika.

Die skema wat aan die Kaap geïmplementeer is, was geskoei op 'n stelsel van intensiewe boerdery soos in Nederland toegepas. Ekonomiese toestande aan die Kaap was egter nie bevorderlik vir so 'n stelsel nie, met die gevolg dat die vryburgers 'n karige bestaan gevoer het. (10) Toe Van Riebeeck die Kaap in 1662 verlaat het, was daar slegs 10 vryburgers wat geboer het. (11)

Hoewel die koloniste se getalle stadig toegeneem het, het die Kompanjie se eie landerye teen 1672 so uitgebrei dat daar nie meer voldoende weiding in die Skiereiland was nie.

Die Here XVII was verplig om goedkeuring te verleen dat van die bees- en skaapboere na 'n veepos in die Hottentots-Hollandkom verskuif kon word. (12) Sewe jaar later was daar ook nie meer genoeg landbougrond in die Kaapse Skiereiland nie, en weer eens moes die Here XVII toestemming verleen dat 'n nuwe nedersetting oos van die Kaapse Vlakte aangelê word. Hulle het besluit dat die nuwe nedersetting hom op ekstensiewe boerdery sou toelê. (13) Simon Van Der Stel, wat in Oktober 1679 in die Kaap aangekom het, is met hierdie taak belas. (14) Hy was 'n dinamiese persoon en voorstander van kolonisasie, en het hom beywer vir 'n groot Nederlandse nedersetting aan die suidpunt van Afrika. (15) Drie weke na sy aankoms in die Kaap het hy die Kompanjie se veepos in die Hottentots-Hollandkom gaan inspekteer, en op sy terugreis het hy die Eersteriviervallei besoek. Hy was getref deur die pragtige waterryke vallei met sy vrugbare grond en groot weivelde, en het besluit om 'n nuwe kolonie, "De Colonie van Stellenbosch", daar te stig. (16) Goeie voorwaardes is aan voornemende koloniste aangebied om hulle hier kom vestig. Elkeen het 'n plaas van ten minste 50 morges landbougrond ontvang, waarop koring en wingerde aangeplant moes word. Hierbenewens kon hulle plaasimplimente, ses trekosse en selfs saadkoring goedkoop van die Kompanjie aankoop. Hulle kon 'n onbepaalde aantal beeste en skape aanhou, wat op die aangrensende staatsgrond kon wei. Koloniste het dus genoeg grond ontvang om in hulle eie sowel as die Kompanjie se behoeftes te voorsien. (17)

Voornemende boere het die geleentheid gebruik om hulle in die kolonie van Stellenbosch te vestig, en in 1683 was daar reeds 27 grondbriewe aan koloniste uitgereik. (18) Van der Stel was verheug, want die jaarlikse koringoes het van 400 mud in 1680 tot 1 071 mud in 1683 gestyg. (19)

Om die administrasiekoste laag te hou, is koloniste in 1682 as heemrade aangestel om onderlinge geskille onder die koloniste te besleg. (20) Op versoek van die koloniste is 'n skool in 1683 op Stellenbosch geopen, (21) met Sybrand Mankadan as onderwyser. Hy het ook as sieketrooster vir die gemeenskap opgetree, en Sondae die preek voorgelê. (22)

In 1684 het Christoffel na die nuwe kolonie gekom, waar hy hom gou met deeglike kennis van boerderysake en hardwerkendheid gevestig het. Hy het tot sy dood hier gewoon. Daar is geen inligting oor Christoffel se land van herkoms of sy lewe voor sy aankoms in die Kaap in plaaslike staatsargiewe te vinde nie, met die gevolg dat

verskillende afleidings oor sy stamland ontwikkel het. Dit het tot groot verwarring gelei.

Die doel van hierdie lewenskets is tweërlei: eerstens om die belangrikste afleidings oor Christoffel se land van herkoms van nader te ondersoek en sy familieverbintenisse vas te stel. In die tweede plek is dit 'n poging om 'n samehangende oorsig van sy lewe van 40 jaar aan die Kaap te gee.



## HOOFSTUK I

### DIE STAMVADER ESTERHUÿS SE OORSPRONKLIKE FAMILIENAAM

Esterhuÿs is 'n van wat net in Suid-Afrika voorkom, (1) en dit was ook nie Christoffel se oorspronklike van nie; dié familienaam is na sy aankoms aan die Kaap deur die Kompanjie-amptenare aan hom gegee. 'n Sameloop van omstandighede het tot die ontstaan van dié nuwe familienaam gelei.

Soos baie van sy tydgenote aan die Kaap teen die einde van die 17de eeu, was Christoffel ongeletterd en hy kon nie sy voornaam of van teken nie. In 1692 was slegs 48,3 % van die vryburgers geletterd, 30,7 % was ongeletterd en oor die geletterdheid van die orige 21 % bestaan daar onsekerheid. (2) Die amptenare van die Kompanjie was hoofsaaklik Nederlanders en het klaarblyklik nie Christoffel se familienaam geken nie, omdat dit nie 'n Nederlandse van was nie. Christoffel het sy voornaam en van in sy moedertaal uitgespreek en die amptenare het dit weergegee soos hulle dit gehoor en verstaan het. Christoffel het dan 'n kruisie getrek op die dokumente waarop sy voornaam en van vereis was, en die betrokke amptenaar het dit gesertifiseer. Op dié wyse het daar met verloop van tyd 'n verskeidenheid skryfwyses van Christoffel se van ontstaan. (Kyk Bylae A.)

Vanaf omstreeks 1700 het die Kaapse amptenary konsekwent die skryfwyse Esterhuÿs gebruik, en het Christoffel en sy kinders dit as hul nuwe familienaam aanvaar. Die eerste keer dat 'n familielid sy van as Esterhuÿs geteken het, was op 'n kontrak wat die stamvader se jongste seun in 1724/25 onderteken het, (kyk Bylae B) en dit word vandag nog deur die familie gebruik. (Kyk Bylae C vir die verskillende spelwyses van "-huÿs".) Daar is verskeie verklarings en afleidings oor die herkoms van Christoffel se nuwe familienaam, waarvan slegs die vernaamste twee bespreek word.

#### Die eerste is dat Christoffel 'n Duitse van gehad het.

Die eerste persoon wat dié afleiding gemaak het, was prof H.T. Colenbrander, 'n Nederlandse geleerde, en wel in 'n publikasie met die titel, "De Afkomst der Boeren", wat in 1902 uit sy pen verskyn het. Volgens sy beraming was ongeveer 27 % van die Kaapse koloniste teen die einde van die 17de eeu van Duitse afkoms. In 'n lys van die koloniste wat hy as van Duitse afkoms aangee, verskyn ook Christoffel Esterhuÿs se naam, en word sy geboorteland as Duitsland aangegee. (3) Ongelukkig verskaf prof Colenbrander nie die bron van hierdie inligting nie.

In 1934 het prof J.D.A. Krige, hoogleraar aan die Universiteit van Witwatersrand, (4) prof Colenbrander gelyk gegee dat Christoffel van Duitse afkoms was, en dat sy oorspronklike van 'n Duitse familienaam was. Volgens prof Krige is die eerste gedeelte van Christoffel se nuwe van direk oorgeneem van "Ester", wat ook in Duitse

familienamie voorkom. Hy bespreek vervolgens die herkoms van die woord en kom tot die gevolgtrekking dat “Ester uit Eschtor, ‘n poort in die omheining van die dorp, ontstaan het.” Hieruit het die van Esterbauer ontstaan, en dus is dit nie onmoontlik dat daar ook ‘n Esterhaus kon wees nie. (5)

In ‘n artikel uit die pen van N.N. Theunissen in die tydskrif “Die Brandwag” van 22 Februarie 1946, het die skrywer op prof Krige se bewerings voortgebou. “Die stamvader van hierdie familie, aldus Theunissen, was Christoffel Esterhuizen, uit Wes-Duitsland afkomstig. Die oorspronklike spelling van sy van sou ook Esterhaus gewees het.” Christoffel sou self vir die verandering van sy van verantwoordelik gewees het, en wel op die volgende wyse: “In die Stellenbosse doopregister waar die stamvader self sy naam geteken het, kom die van Esterhuys twee keer voor en die van Esterhuysen een keer.” (6)

Christoffel se van verskyn nie in twee gesaghebbende publikasies oor die Duitsers wat gedurende die Kompanjie se tyd na die Kaap verhuis het nie. Die eerste publikasie is dié van prof Eduard Moritz, “Die Deutschen am Kap unter der Hollandischen Herrschaft, 1652 – 1806” wat berus op deeglike bronne-navorsing in die Kaapse Argief sowel as in Nederlandse argiewe. Die tweede publikasie is dié van dr J. Hoge getiteld “Personalialia of the Germans at the Cape, 1652 – 1800.” In die voorwoord sê die skrywer: “In the present publication an attempt is made to give a complete list of Germans who came to the Cape in the service of the Company during the period 1652 till 1806 and settled here.” (7)

Geen Suid-Afrikaanse genealoog aanvaar vandag dat Christoffel aanvanklik ‘n Duitse familienaam gehad het nie.

Die tweede moontlikheid was dat Christoffel ‘n Franse van gehad het.

Sommige Suid-Afrikaanse historici, genealoë en familieledede aanvaar dat Christoffel van Franse afkoms was en dat sy van Extreux of Estreux was. Die eerste spore van die gedagte tref ons aan in ‘n publikasie van A. Wilmot en J.C. Chase, met die titel, “History of the Cape of Good Hope”, wat in 1869 verskyn het. Dit was die eerste oorsigtelike geskiedenis van die Kaapkolonie, maar was ongelukkig nie op argiefmateriaal gegrond nie. (8) In die hoofstuk oor die Franse vlugtelingewerwys die outeurs na die verlore passasierslyste van drie van die skepe wat die vlugtelingewat na die Kaap vervoer het. In ‘n voetspoor skryf hulle: “A chronicle obtained by M. de Lettre, French Consul (at the Cape) states the names of the families which came in the three ships to have been the following”. (9) In die lys van 69 familienamie wat volg, verskyn die van Extreux. Die outeurs het die lys van name te goeder trou aanvaar sonder om die oorsprong daarvan vas te stel. Die bewering dat die lys die name bevat van Franse vlugtelingewat na die Kaap gekom het, is egter onjuis. Die oorspronklike dokument of afskrifte daarvan bestaan nóg in die Kaapse Argief nóg in die Nederlandse Ryksargief. (10)

Die lys is saamgestel uit die familienaam wat in die doopregister van die Franse gemeente in Franschoek verskyn, (11) waar die Franse predikant, ds Pierre Simond, die kinders van Franssprekende sowel as anderstalige ouers gedoop het. Die voorname en vanne van anderstalige doopouers het hy verfrans. (12) Christoffel Esterhuys se eerste kind, Jan, is op 10 Mei 1700 in die kerk gedoop. Sy naam is as Jean in die doopregister aangegee, en sy vader se naam en van as Christoffle Extreux. (13) Dit is presies soos Christoffel se familienaam op die lys van die Franse konsul voorkom. Die publikasie van Wilmot en Chase het wye belangstelling geniet en daar is ruimskoots van dié werk gebruik gemaak vir navorsing.

In C.C. de Villiers se bekende geslagsregister word Christoffel se oorspronklike van ook as Extreux aangegee. “De stamvader van deze familie”, aldus De Villiers, “was Christoffel Extreux of Esterhuizen, die naar Zuid-Afrika kwam in het jaar 1692”. (14) Die gevolg was dat ds Simond se Franse weergawe van Christoffel se oorspronklike van as sy regte familienaam aanvaar is.

Prof J.D.A. Krige, na wie reeds verwys is, beskryf hoe Christoffel se Franse van aan die Kaap vernederlands het. Volgens hom is die skryfwyse van die familienaam foutief, en is dit Estreux, nie Extreux nie, omdat die Franse van afgelei is van ‘n pleknaam, Estreux, in Noord-Frankryk. “Deur die Hollandse uitspraak, en vermoedelik onder invloed van die veelvuldig voorkomende vanne Oosterhuys en Oosterhuyzen, is Estreux na Esterhuyzen gewysig.” (15)

Dr D.F. du T. Malherbe gee in sy standaardwerk oor die stamvaders van die Suid-Afrikaanse volk, Christoffel se oorspronklike familienaam as Estreux aan. Hy aanvaar dus nie net dat Christoffel ‘n Franse van gehad het nie, maar ook prof Krige se wysiging as die korrekte spelling. (16) Dr C. Pama huldig ook dieselfde standpunt. In sy “Groot Afrikaanse Familienaamboek” skryf hy dat Christoffel se oorspronklike naam Estreux was, ‘n “pleknaam in Noord-Frankryk.” (17)

Om bo alle twyfel vas te stel of Christoffel ‘n Franse familienaam gehad het of nie, is verskeie oorsese staatsargiewe om inligting genader. Die direkteur van die Nederlandse Algemene Ryksargief in S’Gravenhage is versoek om vas te stel of die familienaam Estreux of Extreux onder die name van die Franse vlugtelinge wat na die Kaap verhuis het, voorkom. (18) Hy het geantwoord dat nóg die naam Estreux of Extreux voorkom onder die name van persone wat voor 1692 na die Kaap verhuis het. (19) Die direkteurgeneraal van die Franse Nasionale Argief in Parys, skryf soos volg: “Ek moet u meedeel dat die familienaam waarna u navraag doen, nie in die rekords oor godsdienstiges wat Frankryk verlaat het, voorkom nie. Die naam Estreux en nie Extreux verskyn as die naam van ‘n plek in die noordelike provinsie, maar is nie in Frankryk as ‘n familienaam geregistreer nie.” (20) Christoffel was dus onweerlegbaar nie van Franse afkoms nie.

## HOOFSTUK II

### DIE STAMVADER ESTERHUÿS SE OORSPRONKLIKE FAMILIENAAM (vervolg)

Om Christoffel se oorspronklike familienaam vas te stel, is die metode gevolg wat bekend staan as “Argumentum ex silentio” - argument van die stilswye. Ch. V. Langlois en H. Seignoboos omskryf die metode soos volg: “In history we seek to extend our knowledge by the help of reasoning. Starting from facts known to us from the documents, we endeavour to reach new facts by inference. If the reasoning be correct, the method of acquiring knowledge is legitimate.” (1)

Daar moet ‘n basis bestaan waarvandaan afleidings gemaak kan word. In Christoffel se geval was die verskillende weergawes van sy oorspronklike van soos dit in Bylae A weergegee word, die enigste beskikbare inligting oor sy familienaam. Die name is die weergawe van verskillende amptenare wat Christoffel se oorspronklike familienaam in Nederlands neergeskryf het soos hy dit in sy moedertaal aan hul gesê het. Hier is geen sprake van ‘n naskryfery nie en elke naam is ‘n weergawe van die oorspronklike van. Punte van ooreenkomste in die name kan dus net na een bron teruggevoer word, en dit is Christoffel se oorspronklike van.

‘n Vergelyking van die verskillende skryfwyses toon dat almal, behalwe die wat in die jare 1691 en 1700 weergegee is, uit drie lettergrepe bestaan – Es + ter + huÿs. Dit beteken dat Christoffel se oorspronklike van ook uit drie lettergrepe bestaan het. Word die lettergrepe in die onderskeie name met mekaar vergelyk, is dit opvallend dat die tweede lettergreep, “ter”, die derde lettergreep, “huÿs”, in al die name voorkom. (Die verskillende skryfwyses van “huÿs” kan hier buite rekening gelaat word - kyk Bylae C.) Al verklaring hiervoor is dat die uitspraak van die twee lettergrepe in die oorspronklike familienaam so na aan die Nederlandse taal lê dat die verskillende amptenare geen probleem gehad het om dit as “ter + huÿs” te identifiseer nie. Die twee ooreenkomste dui op ‘n belangrike aspek, naamlik dat Christoffel se moedertaal net soos Nederlands, aan die Germaanse taalfamilie behoort het.

Die eerste lettergreep was egter vir die amptenare ‘n probleem, en dus ‘n onbekende klank wat waarskynlik nie in Nederlands voorkom nie. Dit word vier keer as ‘n lang klank weergegee, te wete in 1691, 1692, 1693 en 1698. In 1693 en 1698 het die betrokke amptenare van ‘n diftong gebruik gemaak om die oorspronklike klank weer te gee. Die korrekte skryfwyse van beide gevalle is Ei en Ui. ‘n Diftong word in “Die Afrikaanse Woordeboek” omskryf as “twee verskillende klinkers in dieselfde lettergreep wat as een spreekklank met een asemstoot uitgespreek word en as ‘n enkelfoneem beskou word.” (2)

Die “j” wat in die twee diftonge voorkom, is destyds in die Nederlandse taal gebruik om aan te toon dat die voorafgaande klank ‘n lang of dubbelklank is. Dit beteken dat die

betrokke amptenare deur die invoeging van die “j” aangedui het dat die eerste lettergreep ‘n lang of dubbele klank is. In die Nederlandse taal is die uitspraak van die diftong “ei” soortgelyk aan dié van “ee”, en hul word in die skryftaal dikwels ook afgewissel. (3) Dit beteken dat die eerste lettergreep ook as “ees” geskryf kon word. Dit is moontlik dat die huidige skryfwyse “Es” ‘n verkorting van die “ee”-klank is. Die eerste keer dat Christoffel se nuwe van as “Esterhuÿs” geskryf is, was op Dinsdag, (4) 12 Augustus 1692 in die Drosdy (nou die Teologiese Kweekskool) in Stellenbosch. (5) Volgens die handskrif was die betrokke amptenaar, Sybrand Mankadan, onderwyser en sieketrooster van die pasgestigte gemeente van Stellenbosch. (6) Hy was destyds ook sekretaris van die Landdros en Heemrade. Hy was ‘n Nederlander van geboorte en het ‘n teologiese opleiding gehad. (7) Waarom hy die eerste lettergreep slegs met een “e” en nie met twee geskryf het nie, is nie bekend nie. Moontlik het hy gemeen dat “Esterhuÿs” makliker aanvaar sal word as “Eesterhuÿs”.

Eers twee jaar later kom dieselfde skryfwyse van Christoffel se van op ‘n kontrak, gedateer 5 Maart 1694, weer voor. Die betrokke amptenaar was toe die die Sekretaris van die Politieke Raad, J.G. de Grevenbroek. (8) Hy was ‘n bekende latinis en ‘n leerling van die Latynse skool van Nÿwegen. Volgens dr J.A. Boeseken is “sy skryfwyse van die Nederlandse taal dikwels eienaardig en inkonsekwent”. Hy het lang klanke soos “aan” en “persoon” as “an” en “person” geskryf. (9) De Grevenbroek het blykbaar aanvaar dat die eerste lettergreep van Christoffel se oorspronklike van ‘n tweeklank was, maar het dit met ‘n enkele klank vervang en met ‘n “e” geskryf. Blykbaar in navolging van De Grevenbroek het die amptenary begin om Christoffel se van met “Es” te skryf.

Die enigste verklaring vir die 1691 en 1700 weergawes van Christoffel se oorspronklike van, is dat ons hier te doen het met ‘n verkorte vorm van sy van. Dit is in enige taal ‘n bekende verskynsel dat persone se voor- of familiname verkort of saamgetrek word. In die Noord-Kaap is dit vandag nog die gebruik om in die spreektaal van Estruis in plaas van Esterhuÿs te praat. Die verskynsel vind ons reeds so vroeg as 1779 in ‘n brief wat ‘n kleinseun van Christoffel as Johannis Estruÿse onderteken het. (10) Daar moet dus aanvaar word dat ‘n verkorte vorm van Christoffel se van ook in sy moedertaal bestaan het en dat hy dit in twee gevalle as sy volle van opgegee het.

Geen verdere inligting kon in Suid-Afrika oor Christoffel se oorspronklike van gevind word nie, en die enigste uitweg was om by buitelandse instellings te gaan aanklop.

Die volgende moontlikheid wat ondersoek is, is dat Christoffel ‘n Friese van gehad het.

Die eerste oorsese instansie wat om inligting genader is, was die Central Bureau voor Genealogie in S’Gravenhage. (11) Die direkteur kon nie help nie, maar het aanbeveel dat verder in Oos-Friesland, wat in Duitsland geleë is, gesoek moes word. (12) Daar is eger besluit om eers verder op Nederland te konsentreer alvorens Oos-Friesland aan die

beurt kom, en die direkteur van die Instituut voor Dialectologie, Volks- en Naamkunde in Amsterdam is genader. 'n Volledige lys van die verskillende skryfwyses van Christoffel se van is aan hom verstrek, asook verdere beskikbare inligting. (13) Uit 'n studie van al die gegewens en verdere materiaal waaroor hy beskik het, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat Christoffel van Friese afkoms was, naamlik van die provinsie Groningen in Noord-Nederland, en dat sy Friese familienaam Easterhús was, wat vernederlands is na Oosterhuis. (14)

Friesland het na die Vrede van Munster wat die 80-jarige oorlog in 1648 beëindig het, deel van die nuwe staat, "De Verenigde Nederlanden" geword. (15) Alle Friese vanne, behalwe dié wat op 'n "a" geeëndig het, het daarna deur gebruik vernederlands, (16) met die gevolg dat die Friese van en die Nederlandse vertaling daarvan vir baie jare langs mekaar voortbestaan het. (17)

In Christoffel se geval "*word die eerste twee lettergrepe in het Fries geschreven als "Easter" met ongeveer de uitspraak ie (J) ester (dat wil zeggen een dubbel klank). Easter betekent het zelfde als het Nederlandse Ooster.*" (18) (Ek kursifeer.)

Hierdie bevindings word verder bevestig deur die volgende raakpunte in die twee familienaam:

- Albei vanne bestaan uit drie lettergrepe.
- 
- Daar is reeds op gewys dat die verskillende weergawes van die eerste lettergreep daarop dui dat dit vir die amptenare 'n vreemde en onbekende klank was. Die Friese uitspraak daarvan is 'n klank wat by die Engelse klankstelsel aansluit en vir die amptenare onbekend was.
- 
- Die tweede lettergreep kom in die Friese taal sowel as in Nederlands voor.
- 
- Die uitspraak van die derde lettergreep, "hús", lê so na aan die Nederlandse uitspraak vir "huis" dat dit geen probleem geskep het nie.
- 
- Die 1692-weergawe van Oosterhuÿs is 'n Nederlandse vertaling van Easterhús.

Daar is dus min twyfel dat Christoffel van Friese afkoms was en dat sy oorspronklike familienaam Easterhús was.

## HOOFSTUK III

### CHRISTOFFEL SE STAMLAND, SY KINDER- EN JEUGJARE EN VERHUISING NA DIE KAAP

#### Stamland

Die noordelike gedeelte van Nederland, bekend as Friesland, (1) bestaan uit die provinsies Drenthe, Groningen, Overijssel en Zauwersmeer, met 'n totale oppervlakte van 3 864 vierkante kilometer, waarvan 219 vierkante kilometer met water bedek is. (2) Die gebied is 'n laagland en die hoogste punt is 15 meter bo seespieël. (3) In 1983 het Friesland 'n totale bevolking van 595 200 gehad. (4) Woude bedek 'n groot gedeelte van Friesland, maar daar is ook weiding vir beeste en skape. Die landbougrond bestaan hoofsaaklik uit onvrugbare sand- en kleigrond. (5)

Die landboubedryf was vir eeue die vernaamste inkomstebron van die streek. Friesbeeste lewer 'n groot hoeveelheid vleis, melk, botter en kaas vir die binnelandse en buitelandse mark. Skaapboerdery lewer 'n belangrike bydrae tot die land se ekonomie, en hawer, rog, graan en bokwiet is die vernaamste graangewasse wat in die sewentiende eeu verbou is. Verder is groente soos wortels, kool, uie en raap toe reeds op groot skaal gekweek. (6)

Die Friese volk het 'n lang en veelbewoë geskiedenis wat tot die begin van die Christelike jaartelling teruggevoer kan word. Hulle het die kusgebied van die Noordsee, vanaf die Ysselmeer tot in die huidige Denemarke, bewoon. Binnelands het groepe sover suid as die Benede-Ryn gewoon, waar hul 'n florerende handel met die Romeine aan die linkeroewer van die rivier gedryf het. (7) Gedurende die 4de eeu het Romeinse legioene Friesland verower en 'n tyd lank beset. (8) Na die val van die Romeinse ryk het die Saksiërs, wat toe deel van die opkomende Frankiese volk was, Friesland verower en hul gesag vanaf 630 daar laat geld. Dit was ook die einde van die florerende handel wat die Friese met die Romeine gehad het. (9)

Met die Frankiese ekspansie het die Christendom na Friesland gekom, en in 690 het biskop Willibrord met twaalf monnike uit Engeland in Friesland aangekom en hom in Utrecht, die residensie van die destydse Friese koning, Radboud, gevestig. Willibrord het in die beginjare 'n opdraande stryd teen die Friese heidendom gevoer. Eers nadat die Pous vir Willibrord tot aartsbiskop gewy het, het dit beter gegaan. Toe hy op 81-jarige ouderdom gesterf het, kon die Friese volk tereg sê: "Door hem is aan onze voorouders het evangelie gebrach". (10)

Die Friese volk het vir bykans twee eeue onder die heerskappy van die Saksiërs gestaan. Die dood van Karel die Grote in 814 en die verbokkeling van sy magtige ryk darna het 'n einde aan die Saksiese oorheersing gebring. (11) Hierna is die Friese bykans 'n

eeu lank blootgestel aan invalle deur die Nore, wat in 768 Friese kusdorpe begin aanval het. In 810 en 835 het hulle die Friese kusdorpe en ander sentra met die aarde gelyk gemaak en die Friese handelsvloot totaal vernietig. (12) Eers teen die einde van die 9de eeu is die Nore uit Friesland verdryf, en met die Verdrag van Meerssen in 870 is die gedeelte wat vandag as Oos-Friesland bekend staan, aan die destydse Duitse keiser oorgedra. Die huidige Friesland is onder die graafskap van die graaf van Brunswyk geplaas. (13)

Daar het 'n tydperk van voorspoed en groot ekonomiese welvaart aangebreek. Deur beter landboumetodes is produksie verhoog, en buitelandse handel, veral met Engeland en Swede, het uitgebrei. (14) Die tydperk van ongekende welvaart het sowat twee eeue geduur, totdat die Graaf van Brunswyk, Egbert II, met die Duitse keiser, Hendrik IV, gebots het. Die keiser het Egbert II die graafskap oor Friesland ontnem en in 1089 aan die aartsbiskop van Utrecht oorgedra. (15) Keiser Frederik I het Friesland uiteindelik in 1151 onder die gesamentlike beheer van die biskop van Utrecht en die Nederlandse Graaf Dirk VI geplaas. (16) Hoewel nie een van hulle meer as normale gesag uitgeoefen het nie, het Friesland baie by die nuwe reëling gebaat. Die ou Friese regstelsel is ingrypend verander en die bestaande bestuursorganisasie is ook opgeknip. (17) Die Nederlandse grawe was egter nie met die dualistiese bestuursvorm gediend nie en het gedurende die 14de eeu verskeie pogings aangewend om hulle gesag oor Friesland uit te brei. Die laaste poging was in 1345, toe Graaf Willem III en sy seun Groningen ingeval het en in die slag van Worms verslaan is. (18)

Met uitsondering van interne probleme en geskille, het die daaropvolgende 150 jaar stil verloop. Eers in 1492 het die Groningers begin om die ommelande te verower en die inwoners van Leeuwarden te bedreig. Koning Albrecht het die indringers teruggedryf en as beloning daarvoor het hy Leeuwarden as pandbesit verkry. (19) Na Koning Albrecht se dood het sy seun, George, Groningen weer aangeval. George het op sy beurt by Oos-Friesland om hulp gaan aanklop, en na 'n lang en uitgerekte stryd het Koning George weens die hoë koste van die oorlog in 1515 besluit om sy reg aan Karel V van Spanje, wat toe ook heersers van die Nederlande was, te verkoop. Karel V het swaar belastings op die Friese gehef, en hulle het hulle weldra daarteen verset. Die Friese volk is eers in 1572 finaal onderwerp, (20) maar die vrede was van korte duur.

Vier jaar later het die Friese hulle by die Nederlanders geskaar in hulle stryd teen die Spaanse oorheersing. Dit was 'n lang en uitmergelende oorlog wat eers met die Vrede van Munster in 1648 beëindig is. Die opoffering was die moeite werd, want beide Friesland en Nederland het hulle vryheid verkry. (21) Na die vrede het Friesland besluit om by Nederland aan te sluit. (22)

### Christoffel se kinder- en jeugjare

Christoffel se geboortedatum en -plek is onbekend. Die direkteur van die Instituut voor Dialectologie, Volk- en Naamkunde is van mening dat Christoffel in die provinsie van



Groningen gebore is. Die familienaam Oosterhuis kom wel oral in Nederland voor, “maar het blykt ... duidelyk dat het kerngebied van de familienaam Oosterhuis gezocht moet worden in het noorden van ons land, meer in het byzonder in die provinsie Groningen”. Volgens die sensus van 1647 was daar toe 820 persone met dié familienaam in Groningen woonagtig. (23) Groningen is vandag nog dié deel van Friesland waar die Friese taal oorheersend is. (24)

Prof P.J. de Winter van die Universiteit van Groningen, wat navorsing oor Friese familienaam gedoen het, het bevind dat die familienaam Easterhuis ontleen is aan ‘n landgoed in Friesland, vroeër bekend as ‘n boerdery met die naam Easterhuis, en later bekend as Oosterhuis. (25) Vandag is daar vier boerderye met die naam Oosterhuis in die provinsie van Groningen. Die een waaraan die familienaam waarskynlik ontleen is, is geleë in die gemeente van Bedum, ongeveer 12 kilometer noord van die stad Groningen. (26)

‘n Navraag wat aan die argivaris van die gemeente-argiewe in Groningen gerig is om vas te stel of Christoffel se geboortedatum in die registers van Bedum voorkom, het niks opgelewer nie. Sy antwoord was dat geboortes in Christoffel se tyd nie aangeteken is nie. (27)

Christoffel was ongeletterd, maar soos later aangetoon sal word, het hy ‘n baie deeglike kennis van die Friese boerderybedryf gehad. Plaas ons die twee feite in konteks met die onderwys- en sosio-ekonomiese toestande wat na die Vrede van Munster in 1648 op die Friese platteland geheers het, kry ons ‘n goeie idee van Christoffel se kinder- en jeugjare.

Alhoewel Friesland een van die Wes-Europese state was wat die Middeleeuse feudale stelsel met sy streng klassieke vrygespring het, (28) was daar tog ‘n stelsel van stande wat op ‘n ekonomiese grondslag gebaseer was. (29) Op die platteland was daar drie stande te onderskei: die groot grondbesitters wat een of meer boerderye besit het; die kleinboere wat elk een of meer stukkie landbougrond besit het, en die grondlose arbeiders, beter bekend as knegte, wat baie arm was en ‘n skrale loon ontvang het. (30)

Op onderwysgebied was Friesland in die 17de eeu swak daaraan toe. Dit was in die hande van die kerk, wat op elke dorpie ‘n onderwyser of meester aangestel het. Hy moes ook as koster van die betrokke gemeente optree en het geen salaris ontvang nie. Sy enigste inkomste was ‘n klein bedrag wat elke leerling se ouers betaal het. Baie kleinboere en die knegte kon die skoolgeld nie bybring nie en hulle kinders moes ongeletterd bly. Die skoolleerplan was hoofsaaklik op Bybelkunde en voorbereiding vir belydenisaflegging gerig, en lees en skryf het min aandag geniet. Een historikus het tereg opgemerk: “Er waren dan ook nog steeds veel mensen die hun eige naam niet konden schryven”. (31) Die kleinboere en die knegte se seuns het kleintyd begin om met die boerdery te help, en het hul ouerhuise op jeugdige ouderdom verlaat om as knegte op die boerderye van grondbaronne te gaan werk. Hulle het dus reeds as jong seuns ‘n

grondige kennis van die Friese boerderybedryf opgedoen. (32)

In die lig van bostaande kan ons dus aanvaar dat Christoffel se vader 'n kleinboer of 'n kneg was, en dat sy kinder- en jeugjare waarskynlik 'n moeilike tydperk was.

### Verhuising na die Kaap

'n Ongeletterde persoon soos Christoffel, het in die 17de eeu min kans gehad om sy lewenstandaard in die destydse Friesland te verhoog. Daar was in die Friese sakewêreld nie enige geleenthede nie, (33) en die enigste wyse waarop hy sy posisie kon verbeter, was om na een van die Oos-Indiese Kompanjie se oorsese nedersettings te verhuis en om daar as 'n vryburger 'n heenkome te soek. Dat baie dit gedoen het, word bewys deur die hoë persentasie ongeletterde vryliede, naamlik 30,7 %, (34) wat in 1692 aan die Kaap woonagtig was.

Die vooruitsig op 'n beter lewenstandaard was waarskynlik een van die redes waarom Christoffel na die Kaap gekom het. Daar was 'n goeie kans dat 'n persoon met sy kennis van die boerdery 'n sukses van 'n boerdery aan die Kaap sou maak. Dit is nie bekend waarom Christoffel na sy aankoms aan die Kaap nooit weer met sy familie of vriende in Friesland kontak gemaak het nie. Dit was destyds die gebruik dat amptenare, soldate en vryliede geld aan hulle familie stuur. Daar was toe nog geen handelsbanke aan die Kaap nie en die geld is deur die Kompanjie by wyse van prokurasies na Nederland gestuur. Die oorspronklike prokurasies is almal aan die Kaap bewaar, maar Christoffel se naam kom nie voor onder die duisende prokurasies wat gedurende sy leeftyd opgestel is nie.

Dit laat die vraag ontstaan of Christoffel van sy familie vervreemd was, en indien wel, of dit ook 'n rede vir sy verhuising na die Kaap was. Nog 'n vraag wat ontstaan, is op watter wyse Christoffel na die Kaap gekom het. Hy kon moontlik as 'n immigrant op eie koste gekom het, (36) maar hy kon beslis nie die reiskoste bekostig nie. Tweedens kon hy as 'n soldaat of matroos onder kontrak in die diens van die Oos-Indiese Kompanjie gekom het en na verstryking van sy dienstryd hom as 'n vryburger hier gevestig het. (37) Ons kan met redelike sekerheid aanvaar dat hy op laasgenoemde wyse na die Kaap gekom het.

### Aankoms aan die Kaap

Die aanvaarde datum vir Christoffel se aankoms aan die Kaap is 1684. (38) Sy naam verskyn op 'n naamlys van die Kaapse vryburgers gedateer Junie 1691. Hy het toe reeds 250 skape en ses osse besit, (39) en die aantal skape dui daarop dat hy toe reeds 'n geruime tyd aan die Kaap was. Op die opgawe van koloniste in Stellenbosch vir die jaar 1688, verskyn net die voorname van 'n aantal koloniste, en een van die voorname is Christoffel, wat waarskynlik Christoffle Esterhuys was. (40) Hy het toe 150 skape besit.

(41)

Gelukkig het die konsep-opgawe gedateer 12 Augustus wat Sybrand Mankadan in 1692 opgestel het en waarna reeds in Hoofstuk II verwys is, behoue gebly. (42) Christoffel is bygestaan deur Matthÿs Greeff wat 'n heemraad was, (43) en sedert 1680 op die plaas Nootgedacht, wat aan Christoffel se grond gegrens het, geboer het. (44) Matthÿs was 'n bekwame persoon en het presies geweet wanneer Christoffel op die aangrensende stuk grond begin boer het. Waarskynlik op aandrang van Matthÿs het Sybrand onder Christoffel se opgawe geskryf: "agt jaar bebout". (45) Dit beteken dat Christoffel van 1684 op die plaas geboer het. Die datum word ook bevestig in Christoffel se opgawe van die jaar 1714, waar hy verklaar dat hy reeds 30 jaar lank op dieselfde plaas boer, dus vanaf 1684. (46) Die opgawe van 1692 is aan landboukundiges voorgelê en hulle was almal van mening dat dit langer, maar beslis nie minder nie, as agt jaar sou neem om 'n plaas tot die stadium wat dit in 1692 was, op te bou.

Simon van der Stel het na die stigting van Stellenbosch alles in sy vermoë gedoen om koloniste daar te vestig. (47) Hy het na die vertrek van die retoervloot op 30 April 1684, nie minder as 33 soldate, matrose en amptenare van hulle kontraktuele verpligtings vrygestel om by Stellenbosch te gaan boer. (48) Hulle name kom nie voor in die uitgaande briewe of die Dagverhaal nie, maar dit is moontlik dat Christoffel een van hulle was.

In die lig van bestaande gegewens kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat Christoffel hom in 1684 as boer in Stellenbosch gevestig het.

## HOOFSTUK IV

### DIE BEGINJARE : 1684 TOT 1692

Christoffel se aankoms in Tafelbaai het saamgeval met die begin van 'n nuwe ekonomiese era aan die Kaap: daar het in die sewentigerjare van die 17de eeu 'n nypende voedseltekort ontstaan omdat die koloniste in die Kaapse Skiereiland en die Kompanjie se boerdery nie voldoende voedsel kon produseer om die plaaslike bevolking en die verbygaande skepe van kos te voorsien nie. (1)

Simon van der Stel se hoofdoel met die stigting van Stellenbosch, of “de Colonie van Stellenbosch”, was om die volksplanting selfversorgend te maak en om voldoende voedsel, veral koring en vleis, aan besoekende skepe te lewer. (2) Onder die gunstige voorwaardes wat aan voornemende koloniste gebied is, was dat elke beginner 50 morges landbougrond sou ontvang wat hy self kon uitsoek; (kyk Bylae D) hy kon 'n onbeperkte aantal skape en beeste aanhou wat op die aangrensende staatsgrond kon wei, (3) en hy kon ook ses trekosse, 'n ploeg, 'n eg, grawe en pikke van die Kompanjie aankoop. Die koopsom daarvan kon hy na verloop van drie jaar betaal. (4)

Toe Christoffel in 1684 in Stellenbosch aangekom het, het die meeste koloniste om die drosdy en langs die Eersterivier gewoon. (5) Hy het egter besluit om hom aan die noordekant van die Bottelaryberge in 'n breë, gelyk vallei te gaan vestig, oos van die bergpiek wat vandag as Hartenberg bekend staan. Die stuk landbougrond wat in die vallei aan hom toegewys is, lê sowat 'n kilometer van die huidige teerpad af in die vallei op. Die grond het 'n eienaardige vorm gehad, soos uit die diagram in Bylae E blyk.

Die hoekbaken gemerk D op die diagram, lê onder in die bodem van die vallei en die driehoek gemerk C-D-E strek hiervandaan teen die regterkantste helling van die vallei op. Die korridor E-A-B-C lê in 'n noordelike rigting teen die valleihelling. Die diep, vrugbare berggrond met 'n hoë waterhouvermoë was uiters geskik vir die verbouing van wyn en graangewasse. (6) Die natuurlike plantegroei was die bekende fynbos met baie proteas teen die hellings, en inheemse bome in die valleibodem. (7)

Die enigste ander plaas in daardie geweste was Nooitgedacht, wat aan die oostekant aan Christoffel se plaas gegrens het, dws teen die grenslyn C-D. (8) Dit het aan ene Matthys Greeff, wat met skape geboer het, behoort. Greeff het oorspronklik van Magdeburg gekom en het in 1680 'n vryburger geword. (9)

Die jeugdige Christoffel moes uit die stukkie ongerepte natuur wat aan hom toegewys is, 'n plaas van die grond af opbou om hom vir die res van sy lewe van 'n goeie bestaan te verseker. Dit was 'n moeilike taak wat Christoffel met durf en daad aangepak het. Sy eerste taak was om 'n geskikte terrein te vind waarop die plaasopstal aangelê kon word. Hy het 'n gelyk terrein in die bodem van die vallei, in die omgewing van

hoekbaken D gekies, waar 'n sterk fontein vandag nog stand hou. Geen fondasies van die woonhuis en buitegeboue kon gevind word nie. 'n Aantal eikebome op die terrein, die enigste in die omgewing, is waarskynlik die nageslagte van eike wat Christoffel hier geplant het. Ronde brak kolle naby die fontein dui ook daarop dat hier bees- en skaapkrale was. (10)

In die voorlopige opgawe van 12 Augustus 1692 word die opstal omskryf as 'n "huys en hof". (11) Daar word ongelukkig geen verdere inligting oor die buitegeboue verstrekkend, maar dié wat toe beslis reeds gebou was, was 'n wynkelder, 'n skuur of groot stoor om die graan en rog wat geoes is, te berg, en 'n stal vir Christoffel se perde. Daar moes ook 'n dorsvloer gewees het. Kortom, alle buitegeboue wat op 'n plaas benodig word, moes toe al opgerig gewees het.

Die grootste probleem waarmee beginners te doen gehad het, was om so gou moontlik vir 'n gereelde kontantvloei voorsiening te maak. Die maklikste manier was 'n skaapboerderytjie, omdat aanteelskape vrylik en teen billike pryse gekoop kon word. Behalwe dat beginners op dié wyse van vleis vir eie gebruik voorsien is, het slagskape goeie pryse behaal, en veepagters was gretig om geskikte slagvee op te koop. (12) Ons kan met redelike sekerheid aanvaar dat Christoffel, met sy kennis van skaapboerdery, baie gou hiermee begin het. (13) As die kolonis wat in die Stellenbosse opgawe van 1688 net as Christoffel aangegee word, die stamvader was, het hy toe reeds 150 skape besit. (14) Drie jaar later, in Junie 1691, was hy die eienaar van 250 skape, lammers uitgesonder. (15)

Elke kolonis was ook genoodsaak om 'n beesboerdery op te bou. Die osse is as trekkere op die landerye gebruik, die koeie om melk, botter en kaas aan die gesin te verskaf en die beesvelle om stroppe, trekrieme en skoene mee te maak. Hierbenewens was daar 'n goeie aanvraag vir slagbeeste. (16) As 'n gebore Frieslander het Christoffel 'n deeglike kennis van beeste gehad, en ons kan aanvaar dat hy gou met 'n beesboerdery sou begin. Die eerste opgawe van sy beeste is in Junie 1691 as ses trekosse aangegee. (17) Die getal is nie korrek nie, want veertien maande later, op 12 Augustus 1692, het hy 32 beeste besit, waarvan sestien osse, twaalf koeie en vier kalwers was. (18)

Die grootste taak wat op Christoffel gewag het, was die ontbossing van sy grond. Alles moes met die hand gedoen word, en die taai wortels van die struik en proteas moes met pikke uitgekap word voordat die ontboste gebied met grawe skoon en gelyk gemaak kon word. Die harde en tydrowende werk is verdraag deur 'n nypende tekort aan geskikte plaaswerkers aan die Kaap. Die inheemse stamme was onwillig om op plase weg van hulle stamgenote te werk. Die enigste ander arbeidersbron was die sogenaamde vryknegte, wat na verstryking van hul dienskontrakte verkies het om as arbeiders op die plase te gaan werk. Dié knegte was nie goedkoop nie. In 1684 het Simon van der Stel bereken dat so 'n knegt sy meester 100 riksdalers per jaar gekos het. (19)

Die ontbossing van Christoffel se grond het klaarblyklik relatief vinnig gevorder, want in sy opgawe van 12 Augustus 1692 word gemeld dat die “50 morgen lant” wat aan hom toegewys is, reeds gedeeltelik “ontginne” was, maar dat die orige gedeelte nog “onbewerkt” was. (20) Ongelukkig word die grootte van die gedeelte wat reeds ontgin is, nie aangegee nie, maar in die gemelde opgawe vier maande later, word vermeld dat hy aan die begin van 1692 reeds 2 000 wingerdstokke besit het en drie mud koring en een mud rog gesaai het. (21)

Landboukundiges wat geraadpleeg is, meen dat tussen agt en tien morge grond vir die wingerdstokke en die vier mud graangewasse benodig sou word. Word die werf, buitegeboue, dorsvloer, krale en moontlik nog ‘n groentetuin hierby gereken, kon die gebied wat in 1692 ontbos was, moontlik so groot as 20 morge gewees het.

Samevattend kan gesê word dat Christoffel in 1692 reeds ‘n gevestigde boer was wat in daardie jaar vyf lêers wyn gepars het, twintig mud koring en een mud rog geoes het, en 32 beeste, 250 skape en drie perde besit het. Die beginjare was agter die rug en hy kon die toekoms met vertroue tegemoet gaan.

## HOOFSTUK V

### CHRISTOFFEL BOER IN VENNOOTSKAP, 1692 TOT 1699

Christoffel se volgende stap was om soos baie koloniste destyds gedoen het, 'n vennootskap met 'n ander koloniste te sluit, en saam te boer. Dergelike vennootskappe het twee vorms aangeneem, naamlik die wat op 'n wettige opgestelde kontrak berus het, of die wat op mondelinge ooreenkomste berus het. Laasgenoemde het amptelik as "compagnas" of "maatskappye" bekend gestaan. (1) Christoffel en sy vennoot het op dié tipe vennootskap besluit (2) om hul wingerde en saailande uit te brei en hul jaarlikse opbrengte te verhoog.

Die koloniste wat hy as sy vennoot gekies het, Coenraad Boom, was waarskynlik 'n seun van die Kompanjie se gewese hooftuinier, Hendrik Boom, (3) 'n ervare wynbouer. (4) Coenraad was in 1692 nog ongetroud. Die datum waarop die vennootskap gesluit is, is onbekend, maar dit was waarskynlik tussen 12 Augustus en Desember 1692. (5)

Die gesamentlike bates van die vennootskap was die ontboste stuk landbougrond, 2 000 wingerdstokke, 20 mud koring en 10 mud gars, wat teen die einde van 1692 geoes is, 200 skape, 12 beeste (trekosse), 'n ploeg en 'n eg. (6) Hiervan het Coenraad Boom 100 skape en ses beeste bygedra, (7) en Christoffel die res. (8) Oor die basis waarop die jaarlikse winste tussen die twee vennote verdeel is, kon geen inligting gevind word nie, maar die gebruik was dat dit gelykop verdeel is. (9) Christoffel het klaarblyklik nie die res van sy skaap- en beesboerdery tot niet gemaak nie, omdat dit vir hom 'n groot finansiële verlies sou wees. Ons kan aanvaar dat hy met dié boerdery voortgegaan het en dat die winste wat daaruit verkry is, nie aan die gesamentlike boerdery oorgedra is nie.

Die eerste drie jaar van die vennootskap se bestaan was moeilike jare. Die Kompanjie se besluit in 1691 om die vasgestelde pryse van wyn en koring afwaarts aan te pas, was 'n groot finansiële terugslag. (10)

Die buitengewone droë winter, opgevolg deur 'n baie warm somer in 1693, het nie net die druiwetrosse verskroei nie, maar sowat 394 000 wingerdstokke aan die Kaap laat vrek. (11) Die twee vennote se wingerd het ook swaar onder die droogte deurgeloopt, en in die voorjaar van 1694 het hulle geen wyn gepars nie. Hoewel klimaatstoestande in 1694 normaal was en nuwe stokke aangeplant kon word, was hulle eers drie jaar later in volle produksie. In Desember 1695 het hulle slegs 800 wingerdstokke besit, (12) dws 1 200 stokke minder as in 1692.

Met hulle koringoeste het dit nie veel beter gegaan nie. Dit is nie bekend hoeveel mud koring hulle in 1693 en 1694 geoes het nie, maar in 1695 het hulle drie mud gesaai en twintig mud geoes. (13)

Tot oormaat van ramp het 'n veesiekte, vermoedelik brandsiekte, onder die skaaptroppe uitbreek, en "sware stervte" veroorsaak. "Gantsche troppen (vee) zyn weg – weggestorven en tot aas van t' wild gedierte geworden". (14) Die twee vennote se veetroppe het ook onder die siekte deurgeloopt, en in Desember 1695 het hulle slegs 120 stuks vee gehad. (15)

Die tekort aan plaaswerkers is verlig toe Simon van der Stel in 1693 goedkeuring verleen het dat koloniste tydelik soldate en matrose, wat as leenknegte bekend gestaan het, kon huur om sekere take te verrig. (16) Die twee vennote het ingevolge dié vergunning op 5 Maart 1694 met die nodige goedkeuring van die Goewerneur, die soldaat Hans Hendrik van Zutphen as leenkneg gehuur. (17) Kragtens die kontrak wat op daardie dag in die Kasteel gesluit is, het Christoffel bevestig dat hy "in s'n dienst en lening oorgeneem . . . hebben Hans Hendrik". (18) Hans het op sy beurt onderneem "om hom (Christoffel) eerlyk te dienen voor een loon van elv gulden en een pond tabaq ter maand". Benewens die loon moes Christoffel vir Hans ook "van huysvesting, kost en drank versorgen". (19)

Hans het nie sy volle jaar by die vennote uitgedien nie. Op 5 Junie 1694 is Christoffel en Hans se versoek dat die kontrak "geroëerd werden", deur die Politieke Raad se sekretaris, J.G. de Grevenbroek, toegestaan. (20) Blykbaar is die kontrak beëindig omdat die twee vennote die leenkneg op daardie tydstop nie kon bekostig nie.

Vanaf 1696 totdat die vennootskap in 1699 ontbind is, het dit finansiëel met die twee baie goed gegaan. In September 1695 het die Here XVII aangekondig dat die Kompanjie sy boerderybedrywighede aan die Kaap gaan beëindig. (21) Dit het beteken dat die koloniste van 'n groter afset van hulle produkte verseker was en dat die moontlikheid van oorproduksie uitgeskakel was. Hierbenewens het die aantal skepe wat van 1696 af vir voorraad in Tafelbaai aangedoen het, skerp gestyg, (22) en die klimaatstoestand van 1696 was baie gunstig vir goeie oeste. (23)

Die eerste teken dat dit met die twee vennote beter gegaan het, was dat hulle op 9 Maart 1696 weer 'n leenkneg in diens geneem het. Hy was Arent Henning Hansen van Bremen, 'n soldaat in die Kompanjie se diens. Arent het onderneem "om hom (Christoffel) den tyd van een gehele jaar trouw en eerlyk als schaaipwagter te diend". (24)

In 1696 het 'n derde vennoot, Johan van Redouw, by hulle aangesluit. Geen verdere inligting kon oor hom opgespoor word nie, en hy het die vennootskap verlaat voordat dit in 1699 ontbind het. (25) Hoe sterk dié vennootskap was, weet ons nie. Die eerste opgawe wat daarna beskikbaar is, is vroeg in 1700 opgestel, en toe het elke vennoot op sy eie geboer. Boom het op 'n stuk staatsgrond wat aan hom toegewys is, geboer, en het toe reeds 4 000 wingerdstokke geplant, maar nog geen wyn gepars nie. Hy het daardie jaar ook een mud koring en drie mud gars gesaai, waarvan hy drie mud koring en nege



mud gars geoes het. Verder was hy die eienaar van 20 beeste, 150 skape en drie perde. Hy was toe nog ongetroud. (26) Christoffel was 'n vermoënde boer met 'n wingerd van 15 000 stokke, waarvan hy agt lêers wyn gepars het. Sy lewende hawe het uit 100 skape, 50 beeste en drie ryperde bestaan. Hy was ook die eienaar van een slaaf en 'n slavin. (27)

Vergelyk ons Christoffel se besittings met dié van ander koloniste van daardie tyd, was hy een van die voorste boere in Stellenbosch. Uit 'n finansiële oogpunt was die vennootskap vir sowel Christoffel as vir Coenraad 'n groot sukses. Dit is dus geen wonder dat Christoffel besluit het dat dit was tyd om te trou nie.

## HOOFSTUK VI

### CHRISTOFFEL SE HUWELIK EN GESIN

Christoffel is met Elizabeth Beÿers getroud, maar hulle huweliksdatum kon nie vasgestel word nie. Hulle name verskyn nie onder die dertien pare wat tussen 1696 en 1701 in die gemeente van Stellenbosch, waar albei lidmate was, getrou het nie, hoewel hulle waarskynlik daar getroud is. (1) Daar was nie 'n vaste predikant in die Stellenbosse gemeente nie, en dit is deur sieketroosters, wat nie huwelike kon bevestig nie, bedien. (2) Huwelike is voltrek wanneer die predikant van die Kaapse gemeente, of ds. Pierre Simond van die Franse gemeente, Stellenbosch besoek het om nagmaal te bedien. Die res van die huwelike is in die Kaapse of in die Franse gemeente voltrek. (3) Christoffel en Elizabeth se name verskyn ook nie in die huweliksregister van die Kaapse gemeente nie, (4) en hulle moes dus in die Franse gemeente getrou het. Dié gemeente se huweliksregister wat die tydperk van die gemeente se ontstaan tot 1714 dek, het verlore geraak.

Ons weet met sekerheid dat Christoffel en Elizabeth in 1699 getroud is. In die Monsterrolle van Stellenbosch wat in Desember 1698 opgestel is, word net die name van getroude mans aangegee, en Christoffel se naam verskyn nie op die lys nie. (5) Op die lys wat vroeg in 1700 opgestel is, verskyn sy naam en dié van sy vrou Elizabeth Beÿers. (6) In die opgaafrolle van Stellenbosch wat blykbaar dieselfde tyd opgestel is, word Christoffel as 'n getroude man aangedui. Die egpaar het toe nog nie 'n gesin gehad nie. (7) Die jaartal stem ook ooreen met die jaar wat dr T.H. Colenbrander as die egpaar se huweliksjaar aangee. (8)

Elizabeth Beÿers is op 10 Oktober 1683 in die Kaapse gemeente gedoop, (9) en was met haar huwelik 16 jaar oud. Christoffel, wat toe reeds vyftien jaar aan die Kaap gewoon het, was in sy middel dertigerjare; 'n verskil van sowat 18 jaar in die egpaar se ouderdomme.

Elizabeth was die oudste dogter van Andries en Catherina Beÿers. (10) Beÿers het van Oos-Friesland gekom en was 'n wamaker in diens van die Kompanjie, (11) totdat hy hom na verstryking van sy dienstyd as kolonis in die Stellenbosch-distrik gevestig het. Hy het vinnig vooruit geboer en was in 1685 reeds 'n vermoënde man. (12) In 'n lys wat die geskiedskrywer McCall Theal in 1691 opgestel het oor "The most notable inhabitants of Stellenbosch", word die Beÿers-gesin se name genoem. (13) In 1699 het Andries die plaas Weltevreden wat aan Christoffel se grond gegrens het, van Hans Rutgerstroost gekoop. (14) Hy is egter teen die einde van daardie jaar oorlede. (15)

Van Elizabeth weet ons baie min. Sy het verkies om op die agtergrond te bly, maar te oordeel aan die aantal syrokke en juweliersware wat sy met haar dood nagelaat het, het sy daarvan gehou om deftig geklee te wees. Die groot verskeidenheid gebruiksartikels

in haar kombuis dui daarop dat sy vermoedelik ook baie in die kookkuns belanggestel het. (16) Sy was egter nie baie gesond nie, (17) en is op die ouderdom van 43 jaar oorlede. (18)

Uit dié huwelik is vier kinders, almal seuns, gebore. Die oudste seun, Jan, is op 10 Mei 1700 in die Hugenote-kerkie wat ongeveer 450 tree wes van die huidige Ned Geref Kerkgebou op Simondium gestaan het, (19) gedoop. (20) Alle inskrywings in die doopregister is in Frans, maar wat opvallend is, is dat ds Simond nie-Franssprekende doopouers se voorname en vanne ook verfrans het. (21) Jan se naam is tot Jean en sy vader se van tot Extreux verfrans. (22) Christoffel se voornaam is nie tot Christophe verfrans nie, maar in Nederlands as Christoffle aangegee. Elizabeth se voornaam is nie korrek nie en haar familienaam word foutiewelik as Long aangegee. (23)

Jan is kort na sy doop en wel voor 10 Augustus 1700 oorlede. (24) Hy is deur ds Hercules van Loon, wat in Maart 1700 op Stellenbosch bevestig is, uit die eerste kerkie op Stellenbosch (25) begrawe. Christoffel het drie gulden aan die koster, Douwe Gerbrantz Steyn, betaal "tot make van 't grave". (26) Die destydse kerkhof was geleë in die blok wat tans deur Plein-, Van Ryneveld-, Kerk- en Andringastrate begrens word. (27)

Die egpaar se tweede kind, Wilhelm of Willem, soos hy in die omgang genoem is, is in 1703 op Stellenbosch deur ds Van Loon gedoop. Die doopdatum word nie in die register aangegee nie, maar Willem se naam verskyn tussen die name van twee ander dopelinge van wie een op 20 Mei 1703 en die ander een op 5 Augustus 1703 gedoop is. (28) Die twee getuies was Arent Geldenhuys en sy vrou. (29) Die Geldenhuys-egpaar het toe op die plaas Dwars-in-de-Weg gewoon, en was vermoedelik huisvriende van die Esterhuys-egpaar. (30) Die derde kind, Jan Andries, is op 23 November 1704 ook op Stellenbosch gedoop. (31) Die dopeling se tante, Martha Beÿers, en Frans Badenhorst se name word as getuies aangegee. (32) Die egpaar se jongste kind is byna ses jaar later, op 9 Maart 1710, op Stellenbosch gedoop. Die getuies was Martha Beÿers en haar man, Jan Harmse. (33) Dr C. Pama gee in sy hersiene uitgawe van C.C. de Villiers se "Geslagsregister van die ou Kaapse Families", die naam van 'n vyfde kind, Johannes, aan. (34) Dié gegewens het dr Pama uit J. Hoge se boek, "Bydraes tot die Genealogie van die Kaapse Families" gekry, wat die inligting op sy beurt weer in die egpaar se boedelstukke gevind het. In die boedelinventaris wat op 5 April 1726 opgestel is, word Jan Andries se naam foutiewelik as Johannes aangegee en sy ouderdom as 20 jaar, wat beteken dat hy in 1706 gebore is. (35) In die verdelingsrekening 'n paar bladsye verder, word sy naam korrek as Jan Andries aangegee. (36)

Die egpaar se drie seuns wat grootgeword het, was die eerste geslag van die Esterhuys-familie in Suid-Afrika. Vir hulle was Friesland nie hulle vaderland nie, maar die Kaap, en hier moes hulle vir hulself 'n heenkome vind.

## HOOFSTUK VII

### CHRISTOFFEL SE PLASE EN DORPSHUIS

Christoffel het 'n volle twintig jaar gewag voordat hy aansoek gedoen het dat die stuk grond waarop hy geboer het, opgemeet en 'n grondbrief aan hom uitgereik word. Die opmetingswerk is deur vaandeldraer C. J. Slatzboo, wat ook as regeringslandmeter opgetree het, gedoen. (1) Christoffel moes die opmetingskoste aan Slatzboo betaal.

Daar is reeds verwys na die besondere vorm wat Hartenberg, soos die stuk grond genoem is, gehad het. (2) Die korridor wat noordwaarts gestrek het, was 40 roede, dws 201 tree breed. Van B tot C was dit 400 roede of 2 200 tree; van C tot D 330 roede of 1 815 tree; van D tot E, 235 roede of 1 292 tree; en van E tot A 200 roede of 1 100 tree. (3) Die grootte van Hartenberg was 65 morge of 51,4 hektaar. (4)

Die grondbrief, wat op 26 September 1704 deur goewerneur W.A. van der Stel onderteken is, lui dat aan die "landbouwer Christoffel Esterhuis . . . ('n) zeker stuks lands . . . het Hartenberg genaamd . . . vergund, toegestaan en gegee . . . met volkome magte en regt om hetzelfde stuk lands, van nu af aan te mogen bezaaÿen, beplanten, bepooten, betimmeren – en eerlyk te bezitten". (5) Daar was drie serwitute aan Hartenberg verbonde. Eerstens moes Christoffel, indien nodig, goedkeuring verleen dat 'n pad oor die plaas gebou word. Tweedens moes hy vir elke inheemse boom wat hy afkap, 'n jong eikeboom aanplant, wat hy van die landdros op Stellenbosch moes verkry. Die eikebome wat vandag nog op die terrein van die opstal staan, is die nageslagte van die eike wat Christoffel daar geplant het. Derdens moes Christoffel elke jaar 'n tiende van sy koringoes aan die Kompanjie oorhandig. (6) Christoffel was nou die regmatige eienaar van die eerste plaas wat die Esterhuÿs-familie in Suid-Afrika besit het.

By een plaas het dit nie gebly nie. Christoffel se boerdery het so uitgebrei dat hy op 24 September 1714 die aangrensende plaas, Weltevreden, uit die boedel van Mathÿs Greef gekoop het. (7) Dit het amper 'n reghoekige vorm gehad met 'n korridor wat suidwaarts strek, en was 'n betreklike klein plaas, naamlik 38 morge en 130 vierkante roede. (8) Dit was egter betreklik gelyk en geskik vir die verbouing van graan. Weltevreden is in 1687 aan ene Hans Ruytertroost toegeken en op 29 Februarie 1692 deur goewerneur Simon van der Stel as sy regmatige eiendom toegeken. (9) Dit was in 1714 'n goeiebewerkte plaas. (Kyk Bylae F.)

Christoffel het net vir sewe jaar op die twee plase geboer voordat swak gesondheid hom verplig het om sy boerdery kleiner te maak. Op 16 Maart 1721 het hy Hartenberg aan Paul Keyser verkoop. (10) Weltevreden is vyf jaar later op die vendusie van die egpaar se boedel vir 1 000 riksdalers aan Jacob van Bohem verkoop. (11)

Behalwe die twee plase het Christoffel ook 'n dorps huis in Tafelbaaiwallei besit, wat hy op 27 November 1717 van Jan Mýnderts Kruýwagen gekoop het. (12) Die presiese ligging van die huis kon nie vasgestel word nie, maar volgens die oudste bestaande plan van Kaapstad was die erf in blok G geleë. (13) Dit is vandag in die stadsblok wat deur Burg-, Hout-, Kortmark- en St Georgestraat begrens word. (14) Die huis het vier vertrekke gehad, naamlik twee slaapkamers aan die agterkant, en die kombuis en eetkamer aan die voorkant. Dit het 'n staandak met 'n solder gehad, (15) en was geleë in die woonbuurt "(where) the comfortable houses of the well-to-do citizens" was. (16) Dat dit 'n baie goeie woonhuis was, word bevestig deur die feit dat die huis in 1726 op die egpaar se laaste boedelvendusie, vir 3 000 riksdalers verkoop is. (17)

Nadat Christoffel die plase verkoop het, was elkeen vir bykans twee eeue lank in die besit van verskillende eienaars. (18) In 1922 is die twee plase gekonsolideer en met toevoeging van grond uit die aangrensende plase vergroot tot 503 morge en 300 vierkante roede. (19) Die naam Hartenberg is aan die gekonsolideerde plaas toegeken.

In 1948 is 200 morge aan die westekant van die nuwe plaas Hartenberg afgesny en beskryf as "portion of die farm Hartenberg". (20) Slegs 'n baie klein deel van die oorspronklike Hartenberg is tot die deel toegevoeg. Die "portion of Hartenberg" staan vandag as die landgoed Hartenberg bekend. (Kyk Bylae G.)

Die Devonvallei-gholfbaan is tans op die noordelike deel van die restant van die vergrote Hartenberg geleë, en die suidelike gedeelte is in kleinhowes opgesny. Christoffel se oorspronklike opstal is vandag op een van die kleinhowes geleë.

## HOOFSTUK VIII

### CHRISTOFFEL SE BOERDERY, 1700 – 1713

Christoffel was na die beëindiging van die vennootskap met Coenraad Boom in 1699 'n vermoënde boer op 'n goed bewerkte plaas met 15 000 wingerdstokke, 50 beeste en 100 skape. (1) Die ekonomiese vooruitsigte was rooskleurig. Die Kompanjie het reeds in 1695 sy boerderybedrywighede beëindig en alle vleis, groente en wyn wat nodig was, van die koloniste gekoop. (2) Die Kompanjie het ook die verbod op die ruilhandel met inheemse stamme opgehef en die koloniste kon nou vrylik vee van hulle ruil of koop. (3)

Sake het egter nie verloop soos die Koloniste verwag het nie. Tussen 1700 en 1704 het 'n langdurende droogte Stellenbosch en die Kaapse Skiereiland getyster, wat groot skade aan die koring- en wynbedryf berokken het. (4) Die koringoes van 1700 was ver benede die jaarlikse opbrengs en te min om die plaaslike bevolking van brood te voorsien. 'n Groot hoeveelheid rys moes van die Ooste, veral uit Java, ingevoer word. (5) Verskillende plae en peste het gedurende dié jare ook hulle tol geëis. In 1702 het groot swerms "sprinkaanen en calander" op die graanlande en wingerde toegesak en baie skade aangerig. (6) Die wynopbrengs wat 1 135 lêers in 1700 beloop het, het tot 970 lêers in 1702 gedaal. Daarna het dit weer stadig gestyg tot 1 132 lêers in 1705. (7) Teen 1705 was die droogte gebreek, die reënseisoen weer normaal en vooruitsigte vir 'n goeie koring- en wynoes, belowend. Toe die oestyd aanbreek, het swaar donderstorms egter groot skade aan die ryp koring en wingerde aangerig. (8)

1705 was die begin van 'n reeks goeie oesjare. In 1706 was die koringoes voldoende om in die behoeftes van die Kaapse bevolking te voorsien en om sowat 1 400 mud na Batavië uit te voer. (9) 'n Nuwe probleem het egter sy kop uitgesteek. Goewerneur W.A. van der Stel en sy vriende se groot boerderye het in 1706 sowat 25 % van die Kaapse mark opgeëis. Van der Stel se wingerde op Vergelegen het 500 000 stokke getel, met 'n wynoes van 55 lêers wyn, (10) en 'n koringopbrengs van 1 000 mud. Op sy verskillende veeposte in die Overberg het hy 20 000 stuks kleinvee en 1 000 beeste aangehou. Christoffel self kon daardie jaar slegs twee lêers van sy wynoes verkoop. (11) Die oorproduksie het baie koloniste verplig om van hulle wingerde uit te kap. (12)

Nadat Van der Stel en sy vriende deur die Kompanjie ontslaan is, het die Kaapse mark vinnig herstel. (13) Die daaropvolgende ses jare was besonder goeie oesjare, en die wynproduksie wat in 1706 ongeveer 1 356 lêers was, het in 1712 tot 1 821 lêers gestyg. (14) Die koringoes van die Stellenbosch-distrik het in 1700 van 1 300 mud tot 4 214 mud in 1712 gestyg. (15)

Dit is nie moontlik om 'n volledige beeld van Christoffel se boerdery oor die jare te gee nie, want slegs die opgawes van 1700, 1709 en 1712 het behoue gebly. Vergelyk ons sy opgawes van 1709 en 1712 met dié van 1700, dan het hy goed gevaar. Wat sy

wynopbrengs betref, het hy in 1700 reeds 15 000 stokke gehad en daarvan het hy agt lêers wyn gepars. (16) Nege jaar later in 1709, het hy 10 000 stokke besit en twee lêers gepars. (17) Drie jaar later het hy weer eens 15 000 stokke besit, maar toe het hy net vier lêers wyn gepars. (18) Met sy koringoeste het hy heelwat beter gevaar. Hy het in 1700 twee mud koring gesaai en tien mud geoes. (19) In 1709 het hy 'n baie goeie oes gehad, toe hy van die tien mud wat hy gesaai het, 100 mud geoes het. (20) In 1712 het hy net agt mud koring gesaai waarvan het hy 60 mud geoes het. (21)

Met sy skaapboerdery het hy eweneens goed gevaar. Die 100 skape wat hy in 1700 besit het, het in 1709 tot 400 aangewas, (22) en so gebly tot in 1712. (23) Die 50 beeste wat hy in 1700 besit het, (24) het in 1709 tot 80 gestyg (25), maar in 1712 weer tot 50 gedaal. (26) In 1700 het hy slegs drie perde besit, (27) wat in 1709 tot neëntien gestyg het, (28) maar in 1712 weer tot agt gedaal het. (29)

1713 was 'n uiters ramspoedige jaar vir die jong volksplanting aan die Kaap, toe die eerste pokke-epidemie in Maart 1713 uitgebreek het. Die pokke is per skip na Tafelbaai gebring, en het vinnig na Stellenbosch en die binneland versprei. Die tol aan menselewens was hoog, en na raming het ongeveer 20 % van die blankes gesterf. (30)

Daar was min blanke gesinne wat nie een of meer gesinslede verloor het nie. Die inheemse stamme het feitlik uitgesterf. "The very names of the best-known tribes were blotted out by the fell disease." (31) Die boerderybedryf het feitlik tot stilstand gekom, want daar was geen plaasarbeiders wat met die oeste kon help nie. Die koring wat wel gesaai is, en die druiwe kon nie geoes word nie. (32) Daar is aan die einde van 1713 geen opgawes opgestel nie.

Christoffel se gesin was van die min gesinne wat almal die siekte oorleef het. (33) Hoe die tekort aan plaasarbeiders sy boerdery, veral sy koring- en wyoeste, beïnvloed het, is nie bekend nie.

## HOOFSTUK IX

### CHRISTOFFEL SE BOERDERY, 1714 – 1722

Christoffel het Weltevreden in 1714 aangekoop om sy boerderij uit te brei. Dit was slegs 38 morges en 130 vierkante roede groot, (1) maar saam met Hartenberg het dit hom die eienaar van 98 morges en 130 vierkante roede vrugbare en goedbewerkte landbougrond gemaak. Weltevreden was vanaf 1714 Christoffel se saaiplaas. Blykbaar het hy en sy gesin daar gaan woon, want daar was 'n goeie en ruim woonhuis en buitegeboue. Die Kaap-Hollandse woonhuis wat tans op dieselfde perseel as die oorspronklike huis staan, is in 1858 gebou. (2)

Hoewel die opgawe van 1714 toon dat hy reeds op Weltevreden gewoon het, het hy die plaas te laat in die seisoen in besit geneem om daardie jaar koring te saai. Hy het egter tien mud koring op Hartenberg gesaai, waarvan hy 40 sak goeos het. (3) Die opgawes van 1715 en 1716 het nie behoue gebly nie, maar 1717 was weer eens 'n goeie oesjaar, waarin hy 19 mud koring gesaai en 120 goeos het. (4) Altesaam 15 400 mud koring is daardie jaar uit die Kaap na die Ooste verskeep, (5) maar met nadelige gevolge, want die Kaapse sowel as die Oosterse markte is oorstrom en koringpryse het skerp gedaal. Die koloniste het die volgende jaar heelwat minder koring gesaai. Tot oormaat van ramp was 1718 'n betreklike droë jaar en die koringoes was baie kleiner. (6) Christoffel self het elf mud gesaai en daarvan het hy 70 mud goeos, (7) dus 50 mud minder as die vorige jaar.

Die neiging om minder koring te saai het in 1719 voortgeduur, met ramspoedige gevolge. Op 19 Januarie 1720, nadat die koringoes ingehaal is, het die Politieke Raad ernstige “waarschouwinge” uitgereik (8) dat weens “de gewone langdurige regen en naderhand de daar op kragtige droogte en andere toevallen, het de graanoes mis(ge)slaagt.” (9) Die Politieke Raad het rede tot kommer gehad, want in Stellenbosch se distrik het die koloniste daardie jaar slegs 520 mud koring gesaai, wat 3 665 mud gelewer het. (10) Christoffel, daarenteen, het betreklik goed gevaar. Hy het tien mud gesaai en 100 goeos. (11) Na 1719 het Christoffel se naam slegs twee keer in die opgaafrolle verskyn, naamlik in 1720 en 1722. Beide jare was sy koringoes teleurstellend. In 1720 het hy vyftien mud gesaai en net 30 mud goeos, (12) en in 1722 het hy sewe mud gesaai en 30 mud goeos. (13) Op Hartenberg was Christoffel se wynoes vanaf 1714 totdat hy die plaas 1721 verkoop het, baie teleurstellend en dit het ver onder die gemiddelde opbrengs gelewer. Die onderstaande tabel gee 'n aanduiding van hoe Christoffel se wynoes gedurende hierdie tydperk gewissel het. In 1719 was daar in die Stellenbosch-distrik altesame 54 750 wingerdstokke waarvan 363 lêers gepars is (18) in vergelyking met Christoffel se wingerd, waar elke 3 450 stokke een lêer wyn gelewer het.



Jaar	Stokke	Lêers gepars
1914	10 000	2 (14)
1717	15 000	2 (15)
1718	10 000	4 (16)
1719	15 000	4 (17)
1720	10 000	1 (19)

Christoffel se veetroppe het gedurende die jare feitlik konstant gebly. In 1714 het hy 500 skape besit (20) wat tot 600 in 1720 gestyg het, (21) maar in 1722 weer tot 500 gedaal het. (22) In 1714 het hy 35 osse en 25 koeie besit. (23) Vanaf 1718 is net die aantal osse aangegee en dit het tussen 40 en 50 gewissel. (24) In 1714 het hy slegs tien perde besit, (25) wat in 1718 tot 20 vermeerder en toe tot agt en in 1722 tot ses verminder het. (26)

Die nypende arbeidstekort het 'n groot stremming op die landbou geplaas, wat Christoffel van 1700 af die hoof probeer bied het deur slawe aan te koop. In die onderstaande tabel word aangetoon hoe sy aantal slawe tussen 1700 en 1722 gewissel het: (27)

Jaar	Mans	Vroue	Seuns	Dogters	Totaal
1700	2	-	-	-	2
1709	3	1	1	1	6
1712	9	2	4	-	15
1714	4	1	2	2	9
1717	6	1	2	1	10
1718	6	2	3	1	12
1719	9	2	4	-	15
1720	7	2	-	2	11
1722	6	2	2	2	12

Die eerste twaalf jaar het Christoffel en sy slawe die plaaswerk behartig, maar toe hy besluit het om sy boerdery uit te brei, moes hy weer knegte in diens neem. Op 19 Oktober 1713 het hy 'n soldaat in diens van die Kompanjie, Matthÿs Dubberitscke van

Koningsberg, een jaar lank as leenkneg gehuur. (28) Die kontrak is na die eerste jaar nog twee maal hernuwe. (29) Na verstryking van Dubberitscke se dienstyd het Christoffel op 16 Oktober 1717 nog 'n soldaat, Roelof Guttingh van Riemske, as leenkneg gehuur (30) teen 'n loon van " elf gulden per maand en een pont tabak, boven en behalvent onderhoud van spÿs, drank en goede huÿsvesting." (31) Die kontrak tussen Guttingh en Christoffel is daarna jaarliks tot 1724 hernuwe. (32)

Nadat Christoffel Hartenberg in 1721 verkoop het, het sy naam vir die laaste keer in die opgaafrolle van 1722 verskyn. (33)

## HOOFSTUK X

### DIE EGPAAR SE LAASTE LEWENSJARE

Christoffel se naam verskyn na 1722 nie weer op Stellenbosch se opgaafrolle nie, waarskynlik omdat hy nie meer op Weltevreden gewoon het nie. Hy het voor die einde van 1723 met sy vrou en jongste seun in hul dorpshuis in Tafelbaaivallei gaan woon, hoewel die presiese datum van sy verhuising nie bekend is nie. (1) Hy het al sy huisraad saamgeneem, (2) maar sy boerdery op Weltevreden het voortgegaan onder die sorg en toesig van die leenkneg Roelof Guttingh, wie se kontrak in Oktober 1722 en Oktober 1723 hernuwe is. (3) Die egpaar se twee seuns, Willem en Jan Andries, het op Weltevreden agtergebly. (4)

Dit is te betwyfel of hulle aan die sosiale lewe in Tafelbaaivallei deelgeneem het. Christoffel was 'n teruggetrokke persoon met gesondheidsprobleme. Baie van Tafelbaaivallei se inwoners het destyds private restaurante in hulle woonhuise gehad, waar hulle, behalwe etes, ook drank aan matrose, soldate en besoekers verskaf het. (5) Te oordeel aan die groot aantal borde, koppies en glase wat die egpaar in hulle huis gehad het, (6) is dit moontlik dat hulle ook op dié wyse hulle inkomste aangevul het.

Christoffel is op Sondag of vroeg die Maandagoggend van 21 Augustus 1724 in sy dorpshuis oorlede. Terwyl die Raad van die Weeskamer daardie Maandag in sitting was, het Christoffel (jnr) hul van sy vader se dood in kennis gestel. (7) Christoffel is óf in die eerste kerk wat op dieselfde perseel as die huidige Grootte Kerk gestaan het, begrawe óf in die kerkhof wat om die kerk geleë was. (8) Christoffel se ouderdom met sy afsterwe kan slegs deur afleiding vasgestel word. Hy het in 1684 op Hartenberg begin boer en het dus 40 jaar lank aan die Kaap gewoon. As hy in 1684 tussen 18 en 20 was, was hy met sy dood tussen 58 en 60 jaar.

Elizabeth was na Christoffel se dood finansieël sleg daaraan toe, omdat hy nie 'n testament gehad het nie en intestaat gesterf het. (9) Om sy erfplating gelykop onder die drie seuns te verdeel, moes alles verkoop word. (10) Voordat die vendusie gehou is, het die Raad van die Weeskamer op Elizabeth se versoek besluit dat sy die dorpshuis met sy inhoud lewenslank mag behou. (11) Die restant van die boedel is opgeveil, en alles behalwe die plaas en 'n paar slawe is verkoop. (12) Elizabeth was vir die instandhouding van die plaas en die versorging van die slawe wat nie verkoop is nie, verantwoordelik. Sy was genoodsaak om die huurkontrak met Roelof Guttingh wat op 16 Oktober 1724 verval het, op 9 November, 'n paar dae na die vendusie, vir 'n jaar te verleng. (13) 'n Jaar later het sy dit vir 'n verdere jaar verleng. (14)

Behalwe vir die versorging van die slawe, was Elizabeth ook vir Roelof se maandelikse loongeld, sy kos en huisvesting verantwoordelik. (15) In 1725 was daar ses trekosse op Weltevreden, (16) wat sy vermoedelik ook uit haar sak aangekoop het. Die enigste

inkomste wat sy uit Weltevreden gekry het, was vyftien mud koring wat in 1725 goees is. (17) Sy kon nie die geld wat uit die vendusie verkry is gebruik nie, omdat dit deur die Weesheer in trust gehou is vir die drie erfgename. (18)

Die enigste uitweg was om by geldskieters te gaan aanklop. Van die weduwee van Piet van der Byl het sy 800 riksdalers en van Jan Mýnerts Crywagen, 500 riksdalers geleen. (19) Te oordeel aan die 216 riksdalers se wyn wat sy van die wynpagters gekoop het, het sy waarskynlik voortgegaan om die restaurant, waarna reeds verwys is, te bedryf. (20)

Elizabeth se gesondheid was swak en sy was dikwels siek. (21) In Oktober 1725, toe Roelof se huurkontrak verleng is, het sy nie, soos die gebruik was, persoonlik voor die Sekretaris van die Politieke Raad verskyn nie, maar het sy vir Christoffel (jnr) gemagtig om namens haar die kontrak te onderteken. (22) Sy is in Maart 1726 in haar dorpshuis oorlede. (23) Die presiese datum van haar dood kon nie vasgestel word nie. Sy is in die kerk of in die kerkhof om die kerk begrawe. Elizabeth is op 10 Oktober 1683 gedoop en was in haar 43ste lewensjaar toe sy oorlede is. (24) Met Elizabeth se dood, het die gordyn finaal gesak oor die lewens van die familie Esterhuys se stamouers.

## HOOFSTUK XI

### DIE EGPAAR SE BOEDEL

Toe Christoffel (jnr) die Raad van die Weeskamer op Maandag, 21 Augustus 1724 van sy vader se dood in kennis gestel het, het hy die Raad ook meegedeel “dat er geen testament gemaakt was” nie. (1) Die Raad het besluit om die “goederen hier aan de Caab . . . en die buyten op (die) plaats” so spoedig moontlik te “inventariseeren”. (2) Twee amptenare van die Weeskamer, Rudolf de Savoÿe en Gÿsbert le Febre, (3) is met die taak belas. (4) Dit het heelwat tyd in beslag geneem, (5) en eers op Woensdag, 2 Oktober het die twee amptenare die inventaris aan die Raad van die Weeskamer voorgelê. (6) Op versoek van Elizabeth het die Raad dieselfde dag besluit om nie die dorps huis met sy inhoud te verkoop nie, en toegestem dat Elizabeth tot haar dood daarin mag bly woon. (7)

Weltevreden, met die vee “en wat daar verder op was”, moes op “Vrydag, den 3e November, 1724” verkoop word. (8) Rudolf de Savoÿe en Gysbert le Febre het as afslaaers opgetree, (9) maar niemand het op die plaas gebie nie. Geen meubels, kook- en eetgerei is opgeveil nie, (10) en slegs ‘n rysblok, ‘n botterkom en ‘n karring wat deur die slawe gebruik is, is verkoop. (11) Twee ploëë, ‘n eg met houttande en vier grawe is vir slegs 9,2 riksdaalers verkoop, en ‘n perde- en ‘n ossewa het 106,2 riksdaalers behaal. (12)

Agt en dertig beeste (13) is opgeveil. Agtien osse is in pare opgeveil en het van 20 tot 30,5 riksdaalers per paar behaal. Ses koeie met kalwers is teen 11,8 riksdaalers per koei verkoop en die jong beeste is in pare verkoop, teen 27 riksdaalers per paar. (14) Die vier perde het 26,1 riksdaalers en 38,1 riksdaalers per paar behaal. (15)

Slegs vier van die twaalf slawe en slavinne wat Christoffel in 1722 besit het, (16) is verkoop, naamlik ‘n “jonge gemt. Mada van Madagaskar” wat vir 167,5 riksdaalers verkoop is, “Cupido van de Caab” wat vir 184 riksdaalers verkoop is, Anthonÿ van Mallabaar wat vir 45 riksdaalers verkoop is en ‘n jong slavin, “Elsje van de Caab”, wat vir 26 riksdaalers verkoop is. (17)

Die totale opbrengs van die vendusie was 1 492,3 riksdaalers, wat by die Weesheer inbetaal is, (18) sodat hy die uitstaande eise teen die boedel kon afhandel. Die sekretaris van die Weeskamer is gelas om, soos die gebruik destyds was, biljetje op te plak waarin die publiek uitgenooi is om eise teen die boedel by die Weesheer in te dien. (19) Na Elizabeth se dood het die Raad van die Weeskamer vir Rudolf de Savoÿe en Frederick Roussouw (20) aangewys om ‘n inventaris op te stel van “Een huÿs en Erf gelegen in Deser Tafel vally (en) Een plaats of te Hoft den gelegen in die bottelary onder Stellenbosch gemt. Weltevreden.” (21)

Op Weltevreden was daar na die eerste vendusie baie min roerende eiendom oor: slegs 'n yster kookpot, twee emmers, vyf borde en 'n kruiwa. Van die sewe slawe en slavinne wat in 1725 op die plaas was, is drie in die tussentyd verkoop sodat daar nog net twee slawe en twee slavinne was. (22)

Die inhoud van die egpaar se dorps huis gee 'n baie goeie aanduiding van die lewenspeil van gegoede inwoners aan die Kaap gedurende die eerste kwart van die 18 de eeu. 'n Voorbeeld is die groot aantal porseleinartikels wat van die Ooste af ingevoer is. Dit was nie alleen baie waardevol nie, maar ook duur, veral as in ag geneem word dat daar eers vanaf 1713 in Europa op klein skaal begin is met die vervaardiging van porselein. Die groot aantal koperartikels, veral in die kombuis, is 'n verdere aanduiding van die hoë lewenstandaard van die inwoners.

Dit is opvallend dat geen tafelmesse of -vurke in die inventaris opgeneem is nie. Destyds het vurke nog nie as eetgerei bestaan nie. Elkeen het 'n eie mes gehad, wat gebruik is om vleis van die bene af te sny en op te kerf en die vleis is dan met lepels geëet. Dit verklaar waarom daar so 'n groot aantal lepels in die huis was, en ook 30 servette. 'n Nat lappie is gebruik om vet van die vingers af te veë. Dit is nie bekend of servette ook vir die doel gebruik is nie.

Die huis het, soos reeds vermeld, uit vier vertrekke bestaan, naamlik twee slaapkamers agter en 'n voorhuis regs en 'n kombuis links voor. Die egpaar het in die regterkantse slaapkamer geslaap, en die linkerkantse een is ook as pakkamer gebruik. Die twee amptenare wat die inventaris opgestel het, het in die linkerkantse slaapkamer begin, waar hulle die volgende artikels gevind het: 12 stoele, drie katels, ses vere bulsakke, sewe vere peule, sewe vere kussings, vier komberse, vier teerakkies, porselein tafelborde, twee porselein tafelvesierings, 64 porselein koppies, 56 porselein pierings, enige porseleinrommel, twee spieëltjies, twee armlakertjies (blakers met twee kershousers), 'n papierhouer met twee skilderytjies, een kapstok, drie stowe (voetstofies), een ovaal tafel en twee ander tafeltjies, een kas met leë flesse, twee teehouertjies met een bliktrommeltjie, en twee rolletjies lint. (23)

In die regterkantse slaapkamer is die volgende gevind: 'n klein kassie, 30 servette, ses slaaplakens, drie kussingslope, een silwer bengeltassie, twee sistabberts, twee syrokke, twee siskabaaië, onderklere, een sykombers, een wintersrok van growwe wolmateriaal, drie silwer gespes, een silwer kettinkie, agt silwer knopies, vier goue ringe (een met 'n steentjie), een ledekant (hemelbed) met sis behang, een leë kis en een kapstok. (24)

In die voorhuis was twee skottelrakke, drie tin skottels, twee tin komme, vier tin tafelborde, een koper tertpan, twee lepelrakkies met 25 tin lepels, twee tin maathousers ("puntje") en een "mutsje" (houer vir drank), een koper waterbeker, een koper skuimspaan, vyf porselein skottels, twee leë kaste, een Japanese porselein bottel en een houer met traanflesse. (25)

In die kombuis was daar 'n koper visketel, een koper traanpan met deksel, een wasbalie, twee koper kandelare, een koper koffiekkan met drie kraantjies, een blik lantern, een koper vysel met stamper, twee koper strykkysters, twee wateremmers, een kapbord met hakmes, drie yster potte, twee yster koekpanne, een yster skuimspaan, twee yster tange, drie yster skoorsteenkettings, (om potte aan te hang), een yster rooster, een rysblok met stamper, een vat met bietjie asyn, 'n aantal los planke, 'n groot balans met skale en gewigte, een vleisblok met twee hakmesse, een potterak, drie koper teeketels, een koper konvoor, een yster konvoor, een yster driehoek, twee koper tabakkonfoortjies, een koper "puntje", een koper rasper, twee tin soutvaatjies, een tin kandelaar, drie tin kamerpotte, drie erdepotte, een sif en 'n vergiettes. (26) Op die solder was daar 20 leë bottels, vier vensterrame met 'n aantal ruite, 'n aantal toue, 'n kis met rommel, 'n leer en 'n koper lantern. (27)

Die voltooidde inventaris is op 5 April 1726 deur die twee amptenare by die Weeskamer ingedien, en drie weke later, op 25 April, is die vendusie gehou. (28) Die inhoud van die dorpshuis het altesame 644,4 riksdalers behaal. Die dorpshuis is deur Johannes Groenewald vir 3 000 riksdalers gekoop, en hy het verlof gekry om die koopsom in drie gelyke paaieimente te betaal. Die laaste paaieiment het hy op 16 Oktober 1728 by die Weeskamer inbetaal. (29)

Weltevreden is deur 'n vryburger, Jacob van Bochem, (30) vir 1 000 riksdalers gekoop wat hy ook in drie gelyke paaieimente kon betaal. Die laaste paaieiment is op 17 Junie 1728 by die Weeskamer inbetaal. (31)

Die boedel (5) is twee jaar later op 22 Oktober 1728 finaal afgehandel. Die totale bates van die boedel was 10 410,12 riksdalers, wat as 'n groot boedel beskou is. (32) Die eise teen die boedel het slegs 3 690,2 riksdalers beloop. (33) Die grootste eis teen die boedel was die twee obligasies waarna reeds verwys is. Die boedelkoste het 363,7 riksdalers beloop. Die betrokke rekening lui soos volg: "Decommette Weesmeesteren en Secretaris, voor Vacatiegeld en salaris." (Vacatiegeld was die fooie wat vir die opstel van die inventarisse betaal is.) Die oordragkoste van die twee eiendomme aan die nuwe eienaars het slegs 6 riksdalers bedra, en is deur die boedel betaal. (34)

Die egpaar se begrafniskoste het 157,3 riksdalers beloop. Hiervan is 76 riksdalers aan die koster, Jan de Waal, betaal om onder andere die 25 riksdalers vir die egpaar se kiste te dek. Die orige 77 riksdalers is aan Nicolaas Mulder betaal. (35) 'n Bedrag van 294 riksdalers is aan verskeie persone betaal as "arbeÿtslonen en Meestersloon." (36)

Nadat al die eise afgehandel is, is die oorblywende 6 720,10 riksdalers tussen die drie erfgename verdeel. Willem en Jan Andries is elkeen 2 240,3 riksdalers kontant uitbetaal. Christoffel was nog onmondig en die Weesheer het sy erfdeel in trust gehou tot hy mondig geword het. (37)

## HOOFSTUK XII

### CHRISTOFFEL AS MENS

Min inligting is bekom oor Christoffel en sy persoonlike hoedanighede, maar die bronne wat geraadpleeg is, het 'n gunstige beeld van hom gegee. Hoewel hy ongeletterd was, was hy intelligent en begaafd, maar een van sy grootste swakhede was sy teruggetrokkenheid. Hy was menssku en het verkies om op die agtergrond te bly, met die gevolg dat sy grondige kennis van die landbou en sy organisasievermoëns vir die Stellenbosse pioniersgemeenskap verlore gegaan het. Daar kan net gegis word oor watter rol die feit dat hy ongeletterd was en boonop uit die arbeidersklas van die Friese gemeenskap gekom het, gespeel het.

Sy teruggetrokkenheid het bygedra dat hy 'n baie klein vriendekring gehad het. Die genealoog dr J.A. Heese het gereken dat daar wel 'n "sekere verband" tussen Christoffel en die L e Febre-familie bestaan het, en dat hulle huisvriende kon gewees het. (1) Geen dokumentêre bewyse kon hiervoor gevind word nie.

Christoffel het nietemin goed met mense oor die weg gekom. Nie een van die leenknegte wat by hom gewerk het, het klagtes teen hom by die Kompanjie ingedien nie. Tewens, Roelof Guittingh het sowat ag jaar in sy diens gebly, en na Christoffel se dood nog twee jaar in Elizabeth se diens. Die vennootskap tussen Christoffel en Coenraad Boom het agt jaar geduur. Sy naam verskyn byvoorbeeld ook nie in 'n opname wat dr G.C. de Wet in sy doktorske proefskrif van siviele gedinge tussen koloniste gedoen het nie (2).

Weens Christoffel se sterk verantwoordelikhedsin het die Landdroos en Heemrade belangrike take aan hom opgedra. Hy is dikwels aangestel as opsigter oor die grondeienaars wat belas "was omme de Wegen (en) driften" van openbare paaie wat oor hulle plase geloop het, "goed en bekwaam te versorg" en in stand te hou. (3) Hy het telkens in opdrag van die Goewerneur of die Landdroos en Heemrade op eie koste voorraad of boumateriaal na die kasteel of vanaf die kasteel na Stellenbosch vervoer. (4)

Tussen 1700 en 1716 was hy 'n lid van "De Kavallerÿe en Infanterÿe van Stellenbosch en Drakensteÿn", (5) soos die Stellenbosse burgermag bekend gestaan het, waar hy jaarliks aan die oefeninge en papegaaiskiet op die huidige Braak in Stellenbosch deelgeneem het. (6) Hy was slegs een keer afwesig weens siekte, naamlik tydens Goewerneur Louis van Assenburgh se besoek aan Stellenbosch in 1706. (7)

Daar is geen aanduidings dat Christoffel doelbewus probeer het om homself ten koste van sy medemens of die Kompanjie te verryk nie. Sy goeie naam het egter skade gely as gevolg van 'n ruilhandelstog waarby hy in 1702 betrokke was, toe hy 'n wa aan die organiseerders van die tog verhuur het vir die vervoer van ruilhandelsware. Sy



vergoeding van elf beeste sou hy na afloop van die tog ontvang. Die wettige tog het egter in 'n rooftog ontaard, en Christoffel het sy elf beeste ontvang voordat dit bekend geword het. Hoewel Christoffel se betrokkenheid bo enige verdenking staan, word sy naam tog in verband met die rooftog genoem. (8)

Dat Christoffel 'n man van daad was, word geïllustreer deur die steun wat hy aan die koloniste verleen het wat in 1706 'n klagskrif teen Goewerneur W.A. van der Stel opgestel het. Hy het Adam Tas op 13 Februarie 1706 op Libertas besoek om die klagskrif te onderteken, maar Tas het nie die klagskrif by hom gehad nie en Christoffel kon dit dus nie onderteken nie. (9)

Dit is nie moontlik om 'n mening uit te spreek oor Christoffel as 'n gesinsman nie. Sy oudste twee kinders, Willem en Jan Andries, is op jeugdige ouderdomme as selfstandige boere in die opgaafrolle aangegee. Hulle het nie hul ouerhuis verlaat nie, en het tot na Elizabeth se dood op Weltevreden aangebly.

Dit is egter as boer waar Christoffel hom onderskei het. Met sy deeglike kennis van die boerderybedryf, sy goeie organisasievermoëns, hardwerkendheid en deursettingsvermoë, het hy een van die voorste boere in Stellenbosch geword. Christoffel was een van die klein groepie koloniste wat hul in die eerste drie dekades na Jan van Riebeeck se aankoms aan die Kaap gevestig het, en hulle sukses as boere het die Kompanjie oortuig dat die Kaap geskik was vir die vestiging van 'n groot aantal koloniste. Christoffel het dus sy deel bygedra tot die totstandkoming van 'n Wes-Europese beskawing aan die suidpunt van Afrika.

Christoffel was 'n stamvader op wie sy nageslag trots kan wees, en sy voorbeeld is in alle opsigte navolgenswaardig. In die lig hiervan is dit moeilik om te verklaar waarom Christoffel so onverantwoordelik was met die opstel van amptelike dokumente wat hom en sy gesin geraak het. Waar die koloniste gemiddeld vier jaar gewag het voordat hulle aansoek gedoen het dat hulle plase opgemeet, gekarteer en 'n grondbrief uitgereik word, het Christoffel 'n volle twintig jaar gewag. As hy voor die tyd gesterf het, sou sy vrou en kinders geen aanspraak op Hartenberg gehad het nie. Sy versuim om 'n testament op te stel, het sy vrou en veral sy kinders finansieël groot skade berokken, aangesien sy besittings alles verkoop moes word sodat die opbrengs daarvan tussen sy seuns verdeel kon word.

## HOOFSTUK XIII

### DIE EERSTE GESLAG AAN DIE KAAP

Christoffel en Elizabeth se drie oorlewende seuns was die eerste geslag van die Esterhuÿs-familie in Suid-Afrika. Nie een van hulle het oorweeg om na hul vader se geboorteland, Friesland, terug te keer nie.

Oor die seuns se kinderjare is niks bekend nie. Christoffel het van jongs af aan elke seun 'n klein boerderytjie gegee, blykbaar om hulle belangstelling in die boerderybedryf aan te moedig. Hulle name is op jeugdige ouderdom as selfstandige boere in die jaarlikse opgaafrolle aangeteken. Willem se naam verskyn reeds in 1717, op die ouderdom van 14 jaar, in die opgaafrolle as 'n selfstandige boer. (1) Twee jaar later was sy aardse besittings 'n perd, 'n saal en 'n geweer. (2) Jan Andries se naam het eers in 1722, op 18-jarige leeftyd, vir die eerste keer in die opgaafrolle verskyn. Hy het toe ook 'n perd, saal en geweer besit. (3) Die jongste broer, Christoffel, het nog nie 'n boerdery gehad toe sy ouers die plaas verlaat het nie. Hy het saam met sy ouers na Tafelbaaivallei (Kaapstad) verhuis. (4) Willem en Jan Andries het, nadat hulle selfstandige boere geword het, op hulle vader se plase gebly en met die boerdery gehelp. Albei was nog op Weltevreden toe die inventaris van Elizabeth se boedel in 1726 opgestel is. (5)

Willem het in 1717 by die Stellenbosse burgermag aangesluit. (6) Hy is die jaar na sy moeder se dood, op 27 Oktober 1727 op Stellenbosch met Johanna van der Burg getroud. (7) Johanna was die enigste kind van die vryburger en kolonis Hermanus van der Burg, wat toe op die plaas Onrust en Harmonie in die distrik van Stellenbosch geboer het. (8) Hermanus het as 'n soldaat in diens van die Kompanjie na die Kaap gekom. (9) Onrust en Harmonie was betreklik klein, naamlik 32 morge en 420 vierkante roede. (10)

Willem het na sy troue op sy skoonvader se plaas gaan woon en die bestuur en boerdery oorgeneem. Hy was 'n goeie boer en Onrust en Harmonie was spoedig een van die spogplase in die distrik. (11) In 1731 was daar reeds 4 000 wingerdstokke aangeplant. (12) Na Hermanus se dood het sy dogter Johanna die plaas geërf, en Willem het met die boerdery voortgegaan. (13) In 1761 of 1762 het hy op sy beurt weer die plaas en boerdery aan sy eie seun Willem oorgedra. (14) Hy het tot sy dood op 18 Junie 1771 op Onrust en Harmonie bly woon. (15) Hy is drie dae na sy dood, op 21 Junie indie kerk op Stellenbosch ter ruste gelê. (16) Die egpaar het vyf seuns en vyf dogters gehad. (17) Willem het, soos sy vader, ook geen testament gehad nie.

Jan Andries is op 27 Julie 1727 op Stellenbosch met Appollonia Everts, (18) die dogter van Abraham Everts en Catharina le Febre getroud. (19) Abraham het vanaf Middelburg in Nederland gekom en is op 12 Augustus 1700 met Catharina getroud. Appollonia was hul enigste kind en sy is op 12 Augustus 1706 gedoop. (20) Appollonia se ouers was met haar troue reeds oorlede en sy was as 'n minderjarige onder die voogdyskap van die

Weesheer. (21) Op Donderdag, 12 Junie 1727 het sy en Jan Andries voor die Raad van die Weeskamer verskyn, “Versogte omme, met den anderen in den huwelyke staat te mogen begeven”. Die aansoek is deur die Raad toegestaan, (22) en hulle is sowat sewe weke later getroud. Twaalf dae na hulle troue was hulle terug by die Raad van die Weeskamer met die versoek dat Appollonia “haar gelderen hier ter Weeskamer ontvangen.” Die versoek is ook toegestaan en die Weesheer het haar erfgeld wat in trust gehou was, aan haar uitbetaal. (23) Vroeg in September 1727 het Jan Andries die plaas Vryburgh, noord van Hartenberg en oorspronklik 60 morges en 125 vierkante roede groot, van Coenraad Groenewald gekoop. (24) Die plaas is oorspronklik in 1705 aan Jacob Arendse Brouwer toegeken. (25) Die boerdery het stadig gevorder, en in 1731 het hulle 100 skape, 20 beeste, 1 000 wingerdstokke en twee slawe besit. (26) Twee jaar later het hy die plaas aan ene Jacob Cloete verkoop. (27) Die egpaar het in Stellenbosch se distrik gebly, maar dit is nie bekend waar nie. Hulle vierde en jongste kind is op 18 September 1735 op Stellenbosch gedoop. (28)

Nadat hy Vryburgh verkoop het, was Jan Andries se boerdery baie klein. Om sy inkomste aan te vul, het hy op 2 November 1736 ‘n permit van Stellenbosch se landdros verkry om olifante in die binneland te gaan jag. (29) Daar was ‘n groot aanvraag na ivoor in Wes-Europa en die Ooste, en die Kompanjie het vryburgers aangemoedig om vir ivoor te jag. (30) ‘n Jagtog het tussen tien maande en ‘n jaar geduur, (31) en min gevestigde boere was bereid om hulle gesinne en boerdery vir so ‘n lang tyd te verlaat. Die 38 jagters wat tussen 1735 en 1745 om jagpermitte aansoek gedoen het, kon ekonomiese nie die mas opkom nie. (32) Dit is nie bekend hoe lank Jan Andries weg was nie, want hy het nie die datum waarop hy teruggekom het, by die landdros aangemeld nie. (33)

Jan Andries is voor 1741 oorlede. Die datum en plek van sy dood kon nie vasgestel word nie, maar volgens die 1741 opgawe van Stellenbosch was hy reeds oorlede en is na sy vrou verwys as die weduwee van Jan Andries. (34) Die egpaar het vier kinders gehad, maar hulle oudste kind is jonk oorlede. (35) Oor Christoffel en Elizabeth se jongste kind, Christoffel (jnr), is min bekend. Na sy ouers se dood verskyn sy naam die eerste keer op 16 November 1737 toe hy ‘n permit van Stellenbosch se landdros gekry het om olifante te jag. (36) Hy was bykans twee jaar weg, maar hoe suksesvol sy jagtog was, is nie bekend nie. Hy het homself eers op 25 Augustus 1739 weer by die landdros aangemeld. (37) Twee jaar later het hy in Stellenbosch se distrik geboer, maar was toe sonder grond of lewende hawe. (38) Sy naam verskyn daarna nie weer in Stellenbosch se opgaafrolle nie. Dit is nie bekend wanneer hy oorlede is nie, maar op 20 Junie 1770 is sy testament by die Weesheer ingedien. (39) Hy het 50 Kaapse gulden aan Stellenbosch se kerk bemaak met die versoek dat dit vir diakonale dienste aangewend word, (40) en die restant van sy boedel het hy aan Willem (jnr) bemaak. (41) Hoeveel die restant was, is nie bekend nie. Laasgenoemde erflating dui op die moontlikheid dat hy sy laaste lewensjare by dié seun deurgebring het. Willem en Jan Andries het gesamentlik dertien kinders, sewe seuns en ses dogters, gehad.

## HOOFSTUK XIV

### DIE VERSPREIDING VAN DIE FAMILIE IN SUID-AFRIKA

Die geskiedenis van die Esterhuys-familie is 'n studie op sigself, maar hierdie lewenskets van Christoffel kan nie afgesluit word sonder om kortliks na sy nageslagte, en in besonder na die verspreiding en bydraes van die familie in Suid-Afrika te verwys nie.

Willem se oudste kind, Johannes, was die eerste lid van die familie wat die Stellenbosch-omgewing verlaat het en hom in die Land van Waveren (nou die Tulbagh-kom) gaan vestig het. (1) Die presiese datum is nie bekend nie, maar dit was voor 1747. Hy is op 26 Oktober 1747 op Stellenbosch met Engela Erasmus getroud. (2) Na haar afsterwe op Tulbagh in Januarie 1764, is hy in Januarie 1765 met Anna Maria Jooste getroud. (3) Johannes se nageslag het die Tulbagh-tak van die familie gevorm, wat in die 18de en vroeë 19de eeu versprei het in die rigting van die huidige Worcester-distrik, die Swartland en die Warm- en Koue Bokkeveld. (4) Hulle nageslagte het vermoedelik verder noordwaarts na Namakwaland getrek. (5)

Willem se vyfde kind, Hermanus, wat op 16 Mei 1734 op Stellenbosch gedoop is, (6) het hom as veeboer in die Roggeveld gevestig. Dis nie bekend wanneer hy daarheen verhuis het nie, maar hy het die huurkontrak vir die leningsplaas "de Goede Hoop gelegen aan 't boven end van de Visrivier op 't Roggenveld" op 19 Maart 1761 "in 't Casteel de Goede Hoop" onderteken. (7) Die huur het 24 riksdalers per jaar beloop. Sowat drie weke later, op 16 April 1761, is hy met Anna Elizabeth Scholtz getroud. (8)

Nog 'n seun van Johannes het hom by sy oom in die Roggeveld aangesluit. Johannes Jacobus is op 2 Oktober 1768 op Tulbagh gedoop en is op 12 Desember 1786 met Christina Geertruÿ van Wyk getroud. (9) Die twee se nageslagte het in drie rigtings beweeg. Een groep het op die nok van die Roggeveld weswaarts in die rigting van die Hantam getrek en hulle mettertyd in die huidige distrik van Calvinia gevestig. Die tweede groep het hulle aan die noordelike kant van die Nuweveldberge, by die Sakrivier en Kareeberge gaan vestig. Vandag tref ons hulle nasate in die distrikte Fraserburg, Victoria-Wes, Carnavon en Williston aan. (10) Die derde groep het suid van die Nuweveldberge na die gedeelte van die Groot Karoo wat vanaf 1795 in die destydse distrik van Graaff-Reinet geval het, getrek. (11) Hulle was wyd verspreid. Toe die distrik van Beaufort (nou Beaufort-Wes) van die distrik van Graaff-Reinet afgesny is, (12) het 'n aantal Esterhuys-gesinne reeds in die nuwe distrik gewoon.

Die nageslag van Jan Andries se tweede seun het hulle in die Swellendam-distrik gaan vestig, (13) en van hulle het later na Graaff-Reinet getrek. (14) Op die vooraand van die Groot Trek was die familie reeds oor die hele destydse Kaapkolonie verspreid.

In 'n studie wat dr J.C. Visagie oor die families wat aan die Trek deelgeneem het gedoen het, bevind hy dat drie Esterhuÿs-gesinne en een ongetroude familielid uit die distrik van Beaufort (-Wes) aan die Trek deelgeneem het. Die eerste gesin was dié van Barend Daniël, wat met Hendrina Johanna Benadie getroud was. Die egpaar het hulle na die Trek in die Vrystaat gevestig. (15) Die tweede gesin was die van Jan Christoffel en sy vrou Maria Magdalena Buitendach. Jan Christoffel het moontlik ook aan die slag van Bloedrivier deelgeneem. Dié egpaar was in 1847 in die omgewing van Winburg. (16) Die derde gesin was die van Josias en sy vrou. Haar naam en van is nie bekend nie. (17) Hy het vermoedelik op 24 Desember 1838 aan die verkoping by Dingaan se kraal deelgeneem. (18) Indien dit die geval was, het hy ook aan die slag van Bloedrivier deelgeneem. Die ongetroude familielid was ook genaamd Barend Daniël. Hy is op 6 Januarie 1839 op Potchefstroom met Petronella Wilhelmina Harmse getroud. Die egpaar het hul later ook in die omgewing van Winburg gevestig. (19)

Twee lede van die Esterhuÿs-familie, Marthinus en Samuel, is saam met Piet Retief in Februarie 1838 in Dingaan se kraal vermoor. (20) Hulle familieverband kon nie vasgestel word nie. Na die Trek het die gesinne wat na die Transvaal en Vrystaat getrek het, hul daar gevestig en versprei. Vandag kom die familienaam in die plattelandse gebiede van die Transvaal en Vrystaat voor, maar hulle getalle is gering.

## DIE FAMILIE SE BYDRAES

Die familie se vroegste bydrae lê in die rol wat hulle gespeel het in die uitbreiding van die Kaapkolonie se grense, en hul groot bydrae op die gebied van die landbou en boerdery. Christoffel se nageslagte was tot aan die einde van die 19de eeu boere wat oor die jare feitlik elke tipe boerdery beoefen het. Dié wat in Stellenbosch en die omgewing agtergebly het, het aanvanklik gemengde boerderye gehad, maar is vandag almal wynboere. Dié wat na die Land van Waveren en die Roggeveld getrek het was almal skaapboere, en dié wat na die Vrystaat en Transvaal verhuis het, was beesboere. Vandag is van hul nageslagte koring- en mielieboere. Dit is nie bekend watter persentasie van die familie vandag nog boer nie.

Eers diep in die 19de eeu het van die familielede in plaaslike liggame soos afdelingsrade begin dien. Verskeie van hulle was veldkornette in Kaapland sowel as in die Vrystaat en Transvaal. Ene J.H. Esterhuizen het in 1877 die wyk Rustenburg in die Transvaalse Volksraad verteenwoordig. (21)

Gedurende die laaste twee dekades van die 20 ste eeu het lede van die familie hulle bestaan in ander rigtings begin maak. Die stroom het oor die jare al sterker geword en vandag is daar min beroepe waar die familie se naam nie voorkom nie.

Die nageslag kan met dankbaarheid en trots terugdink aan die bydraes wat die Esterhuÿs-voorsate gelewer het om 'n Westerse beskawing aan die suidpunt van Afrika te vestig.

## VERWYSINGS

### INLEIDING

1. Resolusies van die Politieke Raad I, 8-4-1652, p.3
2. Dr A. Boeseken: Onder Suidersterre, pp. 17 -19
3. L. Geulke: Blanke Boere en Grensbewoners, p.70
4. G. McCall Theal: The History of Sout Africa, II, p. 45
5. Ibid, pp. 45 en 60
6. Ibid, pp. 195 - 196
7. Resolusies van die Politieke Raad I, 8-4-1652, pp. 48, 113 - 114, 169, 377
8. L. Geulke: Blanke Boere en Grensbewoners, p. 71
9. Resolusies van die Politieke Raad I, 21-2-1657, pp. 90 - 94
10. L. Geulke: Blanke Boere en Grensbewoners, pp. 71 - 74
11. Dr A. Boeseken: Onder Suidersterre, pp. 35
12. S.F. Gie: Geskiedenis van SA, p. 95
13. L. Geulke: Blanke Boere en Grensbewoners, pp. 74 - 79
14. Theal: Ibid, p. 247
15. Stellenbosch: Drie Eeue, p. 52
16. Dr A. Boeseken: Ibid, p. 44
17. L. Geulke: Blanke Boere en Grensbewoners, pp. 74 - 75
18. Stellenbosch: Drie Eeue, p. 66
19. Ibid, p. 5
20. S.F. Gie: a.w. p. 104
21. Stellenbosch: Drie Eeue, pp. 291 - 292
22. Ibid, p. 246

### HOOFSTUK I

1. Dr. E.H. Beresteyn: Genealogsche Repertorium; Nederlands Patriciaat, (Nommer onbekend)
2. G.C. de Wet: Die Vryliede en Vryswartes van die Kaapse Nedersetting, p. 156, tabel 18
3. Prof. H.T. Colenbrander: De Afkomst der Boeren, p. 28
4. J.D. Krige: Die Familie Krige. Herkoms en Genealogie, p.p. 191 – 192
5. Prof. J.D.A. Krige: Oorsprong en Betekenis van Nederlandse en Duitse Familiename in die Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien, p. 57
6. N.H. Theunissen: Die Brandwag, 22-2-1946, p. 23
7. Dr. J. Hoge: Personalalia of the Germans at the Cape, 1562 – 1806, Argiefjaarboek, 1946, Voorwoord
8. Dr. B.J. Liebenberg: Opstelle oor die Suid-Afrikaanse Historiografie, p. 2
9. A. Wilmot & J.C. Chase: History of the Cape of Good Hope, 1869, p.p. 109 – 110

10. Pieter Coertzen: Die Hugenote van Suid-Afrika, 1688 – 1988, p.p. 79 – 81; McCall Theal: History of South Africa, II, p.p. 337 – 339
11. V.c. 642 Franse Doopregister
12. Dr. J.A. Heese – J.H. Esterhuysen, 22-8-1969; C. Graham Botha: Die Kaapse Hugenote, p. 133
13. V.C. 642, Franse Doopregister, 10-5-1700
14. C./C. de Villiers: Geslacht-register der Oude Kaapsche Familien, p. 22
15. J.D.A. Krige: Die Franse Familienname in Suid-Afrika, p. 18
16. Dr. D.F. du T. Malherbe: Stamregister van die Suid-Afrikaanse Volk, p. 291
17. Dr. C. Pama: Die Groot Afrikaanse Familienaamboek, p. 114
18. J.H. Esterhuysen – Directeur, Algemeen Ryksarchief, 7-6-1976
19. Directeur, Algemeen Ryksarchief – J.H. Esterhuysen, 29-6-1976
20. Direkteur-Generaal, Archives Nationles – J.H. Esterhuysen, 28-11-1970

## HOOFSTUK II

1. Ch. V. Langlios en Ch. Seignobos: Introduction to the Study of History, p. 252
2. Die Afrikaanse Woordeboek, II, p. 169
3. Van Dale: Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal, 8ste uitgawe
4. Die Politieke Raad het die vorige dag, Maandag, 11 Augustus 1692 vergader. Resolusies van die Politieke Raad, III, p. 258
5. 1 Stb. 1/1, Notule, Landdros en Heemrade, 12-8-1692
6. Prof. J. Smuts: Plaaslike Bestuur; Stellenbosch, Drie Ecu, p. 151
7. Prof. F.C. Frensham: Kerke, Ibid, p. 246
8. C.J. 287, Contracten, 5-3-1694, p. 5
9. Resolusies van die Politieke Raad, III, Inleiding
10. E.R. Mossop: Lives of the Earlier Krugers, told in a Revised Genealogical Table, Argiefjaarboek, 1947, p. 214
11. J.H. Esterhuysen – Conservator, Central Bureau, 27-8-1976
12. Conservator, Central Bureau – J.H. Esterhuysen, 16-9-1976
13. J.H. Esterhuysen – Directeur, Instituut voor Dialectologie, Volks- en Naamkunde, 1-3-1977
14. Directeur, Instituut voor Dialectologie, Volks- en Naamkunde – J.H. Esterhuysen, 11-4-1977
15. The New Encyclopaedia Britannica, 16de Uitgawe
16. Directeur, Instituut – J.H. Esterhuysen, 11-4-1977
17. Ibid
18. Ibid

## HOOFSTUK III

1. J. Kuÿper: Gemeente Atlas van Nederland

2. Grote Winkler Prins Encyclopedie II, p. 204
3. Ensiklopedie van die Wêreld IV, p. 230
4. The New Encyclopedia Britannica, 11de uitgawe
5. Grote Winkler Prins Encyclopedie IX, p. 206
6. P. Terpstra: Tweeduisend Jaar Geschiedenis van Friesland, p.p. 77 – 78
7. J. Verdun: Uit de Geschiedenis der Nederlandse Taal, p. 21; J.A. Kossmann – Putto en E.H. Kassmanne: De Lage Landen, p.p. 6 – 7
8. J.W. Pik: Leerboek der Algemeene Geschiedenis, I, p. 211
9. Grote Winkler Prins Encyclopedie IX, p. 211
10. Ds. H.A. Wiersinga: Geschiedenis van de Zending, p.p. 17 – 19
11. J.W. Pik: a.w., p.p. 225 – 230
12. P. Terpstra: Tweeduisend Jaar Geschiedenis van Friesland, p. 18
13. Grote Winkler Prins Encyclopedie IX, p. 211
14. P. Terpstra: a.w., p. 22
15. P. Terpstra, a.w., p.p. 24 – 25
16. Grote Winkler Prins Encyclopedie IX, p. 211
17. Grote Winkler Prins Encyclopedie IX, p. 211
18. P. Terpstra: a.w., p. 26
19. J.A. Kossmann – Putte & T.E. Kassmann, De Lage Landen, p.p. 64 – 66
20. Grote Winkler Prins Encyclopedie IX, p. 212
21. The New Encyclopaedia Britannica, IV, p. 230
22. The New Standard Encyclopaedia, p. 523
23. Direkteur, Instituut voor Dialectologie, Volks- en Naamkunde – J.H. Esterhuyse, 11-4-1977
24. Erica ('n Nederlandse tydskrif), Oktober 1946
25. Dr. L.H. de Bruins – Dr. P.J. Ploeger, 12-3-1977
26. J. Kruger: Gemeente-Atlas van Nederland; C. Peters: Oud Groningen, Stad en Lande
27. Archivaris, Groningen – J.H. Esterhuyse 30-3-1983
28. Grote Winkler Prins Encyclopedie IX, p. 212
29. P. Terpstra: Tweeduisend Jaar Geschiedenis van Friesland, p.p. 71 – 74
30. Ibid., p.p. 77 – 78
31. Ibid., p.p. 80 – 81
32. Ibid
33. G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, I, p. 30
34. G.C. de Wet: Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting, p. 156
35. J.C. 2750 Procuraten, 1684 – 172
36. G.C. de Wet: a.w., p. 217
37. C.G. Botha: The Public Archives of South Africa, p.p. 8 – 9
38. V.C. 39, Monsterrollen van Stellenbosch, 1692; C.C. de Villiers: Geslacht-Register den Oude Kaapse Familien, p. 221
39. Chartermeester, Algemeen Ryksarchief – J.H. Esterhuyse, 29-6-1976
40. P. 2250, Opgaafrolle, 1688
41. Ibid



42. 1 Stb. 1/1, Notule, Landdros en Heemrade, Stellenbosch 12-8-1692
43. Resolusies van die Politieke Raad, III, p. 245
44. J. Hoge: Personalialia of the Germans at the Cape, Argiefjaarboek, 1946, p. 115
45. 1Stb. 1/1, Notule, 12-8-1692
46. J. 184, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1714
47. P. Coetzen: Die Hugenote van Suid-Afrika, 1688 – 1988, p. 76
48. C.O. 501, Uitgaande Brieven, al. 2-5-1685

#### HOOFSTUK IV

1. Prof. D.J. van Zyl: Ekonomie, Stellenbosch, Drie Eeue, p. 177
2. Ibid
3. S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p. 102
4. F. Valentyn: Beschrywing van de Kaap de Goede Hoop, V.R.V. 2de Reeks, No. 2, p. 152
5. Prof. F. Smuts: Die Stigting van Stellenbosch, Stellenbosch, Drie Eeue, p. 55
6. Pamflet: Stellenbosch en sy wynroetes, p. 10; mededelings van die huidige eienaars aldaar
7. Prof. M. de Vos: Flora, Stellenbosch, Drie Eeue, p. 28
8. Kaart van Brink, 1842
9. Dr. J. Hoge: Personalialia of the Germans at the Cape, p. 119
10. Inligting verskaf deur die huidige eienaar, mnr. Du Plessis
11. 1 Stb 1/1 Notule, Landdros en Heemrade, 12-8-1692
12. Resolusies van die Politieke Raad, II, 17-11-1680 p.p. 338 – 339
13. Resolusies van die Politieke Raad, III, 17-6-1692, p.p. 216 – 217
14. A2250, Opgawe, Stellenbosch, 1688
15. Chartermeester, Algemeen Ryks-Archief – J.H. Esterhuyse, 29-6-1976
16. Resolusies van die Politieke Raad, III, 17-9-1685, p.p. 113 – 114
17. Chartermeester, Algemeen Ryksarchief – J.H. Esterhuyse, 29-6-1976
18. 1 Stb. 1/1, Notule, Landdros en Heemrade, 12-8-1692
19. Dr. G.C. de Wet: Die Vryliede en Vryswartes van die Kaapse Nedersetting, p. 101
20. 1 Stb. 1/1 Ibid
21. J. 183, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1692

#### HOOFSTUK V

1. G.C. de Wet: A.W., p.p. 106 – 107
2. V.C.39, Monsterrolle, Stellenbosch, 1692; J. 183, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1692
3. Resolusies van die Politieke Raad, I, 23-3-1661, p. 261
4. Ibid
5. 1Stb. 1/1, Notule, 12-8-1692; J. 183, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1692
6. J. 183, Opgawe, Stellenbosch, 1692

7. A 2250, Opgawe Stellenbosch, 1692
8. Ibid
9. G.C. de Wet: A.W. p 107
10. J.I. J. van Rensburg: Geskiedenis van die Wynkultuur in Suid-Afrika, 1652 – 1752, AJB 1954, Jrg. Dl. II, p. 24
11. Ibid, p. 29
12. A 2250, Opgawe, Stellenbosch, 1695
13. Ibid
14. Resolusies van die Politieke Raad, III, 7-9-1693, p. 273
15. A 2250, Ibid
16. G.C. de Wet: A.W. p. 35
17. C.J. 2871, Contracten, 5-3-1694, p.p. 4 – 5
18. Ibid
19. Ibid
20. Ibid
21. Theal: History of South Africa, II, p. 380; Gie: Geskiedenis van S.A.; I, p. 118
22. Resolusies van die Politieke Raad, III, 23-5-1697, p.p. 313 – 314
23. J.I. J. van Rensburg: A.W., P. 53
24. C.J. 2872, Contracten, 9-3-1696, p.p. 48 – 49
25. V.C. 39, Monsterrolle, Stellenbosch, 1696
26. A 2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1700
27. Ibid

## HOOFSTUK VI

1. V.C. 632, Huweliksregister, Stellenbosch, 1696 – 1701
2. Stellenbosse Stadsraad: Stellenbosch, Drie Eeue, p.p. 245 – 246
3. Ibid
4. V.C. 604. Doop- Huweliks en Lidmaatregister, Kaapse Gemeente, 1695 – 1712
5. V.C. 39, Monsterrollen Vrylieden, Stellenbosch, 1698
6. V.C. 604, Ibid: 1700
7. A 2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1700
8. Dr. T.H. Colenbrander: De Afkomst van de Boeren, p. 25
9. Heese en Lombard: Suid-Afrikaanse Geslagsregister, I, p. 225
10. Ibid
11. Hoge: A.W., p. 30
12. A 2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1688
13. G.M. Theal: History and Ethnography of Africa South of the Zambesi, II, p. 366
14. Aktekantoor, plaasregister, Stellenbosch, p. 87
15. Ibid.
16. M.OOC 9/4, Inventaris van Elizabeth Beyers se boedel, no. 117
17. M.OOC 1/3, Notule van die Weeskamer, 21-8-1724

18. M.OOC 13/1/2, Boedelstukke, no. 40, 5-4-1726
19. P. Coetzer: *Die Hugenote in Suid-Afrika*, p. 124
20. V.C. 642, Franse doopregister, 10-5-1700
21. Dr. J.A. Heese – J.H. Esterhuysen, 22-8-1969
22. V.C. 642. Ibid
23. Ibid
24. 1 Stb. 1/1 Notule van Landdros en Heemrade, 10-8-1700
25. Stellenbosse Stadsraad: Stellenbosch, Drie Eeue, p. 248
26. 1 Stb. 1/1 Ibid; Resolusies van die Politieke Raad, III, 5-8-1686
27. J.J. Oberholster: *Historiese Monumente van Suid-Afrika*, p. 77
28. V.C. 632, Doopregister, Stellenbosch, 1703
29. Ibid
30. *The South-western Cape Colony, 1657 – 1750 Freebold Grants*
31. V.C. 632, Ibid, 23-11-1704
32. Ibid
33. Ibid. 9-3-1710
34. C. Pama en C.C. de Villiers: *Geslagsregister van die Kaapse Families*, p. 209
35. M.O.O.C. 13/1/2. Boedelinventaris, no. 40
36. Ibid

## HOOFSTUK VII

1. Resolusies van die Politieke Raad, III, p. 400, voetnoot 16.23
2. Landmeter-Generaal, Diagram, No. 28 van 1704
3. Ibid
4. Ibid
5. Ibid
6. Ibid
7. Akteskantoor: Plaasregister, Stellenbosch, Vol. I, p. 87
8. Ibid
9. Ibid
10. Akteskantoor: Plaasregister, Stellenbosch, Vol. I, p. 76
11. Akteskantoor: Plaasregister, Stellenbosch, Vol. I, p. 87; MOOC 13/1/2, Boedel no. 40
12. Akteskantoor: T1183, Huis, 29-11-1717
13. M.1/128, Kaapstad, no. 176
14. Mev. J. Cairns – J.H. Esterhuysen, 6-10-1976
15. M.O.O.C. 13/1/2, Boedelinventaris, 6-2-1726
16. D. Fairbridge: *A History of South Africa*, p. 44
17. M.O.O.C. 13/1/2, Boedels No. 40
18. Akteskantoor, Plaasregister, Stellenbosch, Vol. I, p. 76; Ibid, p. 86
19. Landmeter-Generaal: Diagram no. 231 van 1922
20. Landmeter-Generaal: Diagram no. 3637 van 1948

## HOOFSTUK VIII

1. A 2500, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1700
2. J.I. J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in S.A., AJB. 1954, no. 7, dl. II, p. 38
3. Gie: Geskiedenis van S.A., I, p. 132
4. Theal: History and Ethnography of S.A., II, p. 400
5. Ibid
6. Van Rensburg: A.W., p. 72
7. Theal: A.W., p. 400
8. Van Rensburg: A.W., p. 50
9. Theal: A.W., p. 400
10. H.V.C. Leibbrandt: The Defence of Adriaan Willem van der Stel, p. 80. Gie: Geskiedenis van S.A., I, p. 123
11. Leibbrandt: A.W. p. 80; Van Rensburg: A.W., p. 53
12. Van Rensburg: A.W., p. 50
13. Stellenbosch: Drie Eeue, p. 353; Van Rensburg: A.W., p. 53
14. A 2500, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1712
15. A 2500, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1712
16. A 2500, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1700
17. Ibid, 1709
18. Ibid, 1712
19. Ibid, 1700
20. Ibid, 1709
21. Ibid, 1712
22. Ibid, 1709
23. Ibid, 1712
24. Ibid, 1700
25. Ibid, 1709
26. Ibid, 1712
27. Ibid, 1700
28. Ibid, 1709
29. Ibid, 1712
30. Theal: A.W., p. 432
31. Ibid, p. 433
32. Ibid
33. J. 183, Opgawe, Stellenbosch, 1714

**HOOFSTUK IX**

1. Akteskantoor: Grondbriewe, vol. I, no. 29
2. H. Fransen & Dr. M. Cook: The Old Houses of the Cape, p. 73
3. J. 184, Opgawe, Stellenbosch, 1714
4. J. 184, Opgawe, Stellenbosch, 1717
5. Theal: History of S.A., II, p. 457
6. Theal: Ibid
7. J. 184, Opgawe, Stellenbosch, 1718
8. Resolusies van die Politieke Raad, no. 6, 19-1-1720, p. 10
9. Ibid
10. A 2500, Opgawe, Stellenbosch, 1719
11. Ibid
12. J. 186, Opgawe, Stellenbosch, 1720
13. J. 185, Ibid, 1722
14. J. 184, Opgawe, Stellenbosch, 1714
15. J. 186, Opgawe, Stellenbosch, 1717
16. J. 184, Ibid 1718
17. A 2500, Opgawe, Stellenbosch, 1719
18. Ibid
19. J. 186, Opgawe, Stellenbosch, 1720
20. J. 183, Ibid, 1714
21. J. 184, Ibid, 1720
22. J. 186, Ibid, 1722
23. J. 183, Ibid, 1714
24. J. 184, Ibid, 1718; J. 186, Ibid, 1720
25. J. 183, Ibid, 1714
26. J. 186, Ibid, 1722
27. Saamgestel uit die Opgaafrolle
28. C.J. 2878, Kontrakten, 19-10-1713, p.p. 60 – 60 (a)
29. Ibid
30. C.J. 2878, Kontrakten, 16-10-1717, p.p. 260 – 261
31. Ibid
32. Ibid
33. J. 186, Opgawes, Stellenbosch, 1722

**HOOFSTUK X**

1. A 2500, Stellenbosch, Opgaafrolle, 1723
2. M.O.O.C., 8/4, Inventaris no. 117
3. C.J. 2878, Kontrakten, p. 261 en 262
4. M.O.O.C. 8/4, Inventaris no. 117

5. Dr. Gie: Geskiedenis van S.A. I, p.p. 144 – 145
6. M.O.O.C. 8/4, Inventaris no. 117. (117)
7. M.O.O.C. 1/3, Notule van die Raad van die Weeskamer, 21-8-1724
8. H.C. Hopkins: Die Moeder Van Ons Almal, p. 125
9. M.O.O.C. 1/3, Notule van die Weeskamer, 21-8-1724
10. Ibid
11. M.O.O.C. 1/3. Notule van die Weeskamer, 2-10-1724
12. M.O.O.C. 10/3. Vendu Rollen, no. 58
13. C.J. 2878, Kontrakten, 9-11-1724, p. 262
14. Ibid, 16-10-1725, p. 262
15. Ibid
16. A 2500, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1725
17. Ibid
18. M.O.O.C. 1/3, Notule van die Weeskamer, 21-8-1724
19. M.O.O.C. 13/1/2, Boedels, no. 40
20. Ibid
21. M.O.O.C. 1/3, Notule van die Raad van die Weeskamer, 21-8-1724
22. C.J. 2878, Kontrakten p. 262
23. M.O.O.C. 13/1/2, Boedels, no. 40
24. Heese en Lombard: Suid-Afrikaanse Geslagsregisters, I, p. 225

## HOOFSTUK XI

1. M.O.O.C. 1/3, Notule van die Weeskamer, 21-8-1724
2. Ibid
3. Ibid
4. Resolusie van die Politieke Raad, vol. VII, p. 188
5. Ibid
6. M.O.O.C. 1/3, Notule van die Weeskamer, 2-10-1724
7. Ibid
8. Ibid
9. M.O.O.C. 10/3, Vendu Rollen, no. 58
10. Ibid
11. Ibid
12. Ibid
13. A 2500, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1722
14. M.O.O.C. 10/3, Vendu Rollen, no. 58
15. Ibid
16. A 2500, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1722
17. M.O.O.C. 10/3, Vendu Rollen, no. 58
18. Ibid
19. M.O.O.C. 10/3, no. 58

20. M.O.O.C. 8/4, Inventaris, no. 117
21. Ibid
22. Ibid
23. Ibid
24. Ibid
25. Ibid
26. Ibid
27. Ibid
28. M.O.O.C. 13/1/2, Boedels, no. 40
29. Ibid
30. Resolusies van die Politieke Raad, VII, p. 58
31. M.O.O.C. 13/1/2, Boedels, no. 40
32. Ibid
33. Ibid
34. Ibid
35. Ibid
36. Ibid
37. Ibid

## HOOFSTUK XII

1. Dr. J.A. Heese – J.H. Esterhuysen, 22-8-1969
2. D.C. de Wet: Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting, p. 113
3. 1 stb 1/2, Notule van die Landdros en Heemraden van Stellenbosch, 10-10-, Ibid 18-10-1706
4. Ibid, 16-4-1704; Stb. 1/4 Ibid, 7-11-1712
5. 1 Stb. 13/2, Monsterrolle, 1706 – 1716
6. Stellenbosse Stadsraad: Stellenbosch, Drie Eeue, p. 10
7. 1 Stb. 13/1, Krygsraadnotule, 8-2-1717
8. J. Bierman: Towards The Far Horizon (The story of the Oxwagon in S.A.), p.p. 32 – 34; H.C. Leibbrandt: The Defence of W.A. van der Stel, Bylae M.4, p. 141; G. Mc Call, Theal: History of South Africa.dl. II, p. 396
9. Die Dagboek van Adam Tas, V.R.V., 2de reeks, p. 184

## HOOFSTUK XIII

1. J. 185, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1717
2. A 2250, Opgawe, Stellenbosch, 1719
3. A 2250, Ibid, 1723
4. M.O.O. C. 1/3, Notule van die Weesheer, 21-8-1724
5. M.O.O.C. 9/4: Boedelinventaris, no. 117

6. 1 Stb, 13/21: Kavallerye en Infanterye, Stellenbosch, 1717
7. C.C. de Villiers: Geslachtregister der Oude Kaapse Familien, p. 221
8. The South Western Cape Colony, 1652 – 1760
9. J. Hage: Personalia of the Germans at the Cape, 1946, p. 54; J. van der Byl: Grondeienaars van Stellenbosch, 1652 – 1800, p. 78
10. Kaapse Archiefstukken: Resolusies, 20-3-1781, p.p. 3 – 34
11. Ibid
12. A 2250, Opgawe, Stellenbosch, 1731
13. Kaapse Archiefstukken: Ibid
14. Ibid
15. Ibid
16. A. Hugo en J. van der Byl: Die Kerk van Stellenbosch, Bylae VI, p. 236
17. C.C. de Villiers: Ibid, p. 221
18. Heese en Lombard: a.w., p. 246
19. Ibid
20. Ibid
21. M.O.O.C. 1/5: Notule van die Weeskamer, 12-6-1727
22. Ibid
23. M.O.O.C. 1/5: Notule van die Weeskamer, 8-8-1727
24. J. van der Byl: Grondeienaars van Stellenbosch, 1652 – 1860
25. Ibid; The South-western Cape Colony, 1652 – 1760
26. A 2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1731
27. J. van der Byl: a.w., p. 75(a)
28. Heese en Lombard: a.w., p. 238
29. P.J. van der Merwe: Trek, p. 33
30. Ibid, p.p. 28 – 32
31. Resolusies van die Politieke Raad, IX, 15-2-1737, p. 107
32. P.J. van der Merwe: a.w., p. 35
33. Ibid, p. 33
34. A 2500, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1741
35. Heese en Lombard, a.w.
36. P.J. van der Merwe: a.w., p. 33
37. Ibid
38. A 2250, Opgaafrolle, Stellenbosch, 1741
39. C.J. 7/1/19 Testament, no. 400
40. Ibid
41. Ibid

#### HOOFSTUK XIV

1. Heese en Lombard: Suid-Afrikaanse Geslagsregisters, I, p. 233
2. Ibid



3. Huweliksregister van Tulbach, ?-1-1765
4. Heese en Lombard: Ibid, p.p. 233 - 235
5. Ibid, p. 239
6. Ibid p. 235
7. R.L.R. 44, no. 36
8. Heese en Lombard: Ibid, p. 235
9. Ibid, p. 234
10. M. Broodryk: Die Kaapse Noordgrensoorloë, Argiefjaarboek, 55ste Jrg. 1992, p.p. 187 – 214
11. Drs. J. Bergh en J.C. Visagie: The Eastern Cape Frontier Zone, p. 13
12. Jaarboek van die N.G. Kerk, 1992, p. 95
13. Heese en Lombard: a.w. p. 236
14. Ibid
15. Dr. J.C. Visagie – J.H. Esterhuuse
16. Ibid
17. Ibid
18. G.S. Preller: Voortrekkermense, I, p. 326
19. Dr. J.C. Visagie – J.H. Esterhuuse
20. G.S. Preller: a.w., p. 197
21. Transvaal Almanac and Directory, 1877, p. 48

**BYLAE A****SKRYFWYSES VAN CHRISTOFFEL SE NAAM**

<u>Jaartal</u>	<u>Volle Naam</u>
1691	Christoffel Oostries
1692	Christoffel Oosterhuÿs en Esterhuÿs
1693	Christoffel Eÿsterhuÿs
1694	Christopher Esterhuÿs
1695	Christoffel Esterhuÿsen
1696	Christoffel Esterhuÿs en Esterhuÿsen
1698	Christoffel Uÿtsterhuÿs
1700	Christoffle Extreux Christoffel Asterhuÿs
1701-1724	Christoffel Esterhuÿs, Esterhuis en Esterhuÿsen

BYLAE B

HANDTEKENING VAN CHRISTOFFEL SE JONGSTE SEUN

Huijden den 16. octob<sup>r</sup> 1725  
 Comparende, voor mij Josephus de Grandpreux, Berste  
 gesproore Clerq. ter politicque secretarij alhier aan  
 Cabo de goede Hoop ter presentie van de naargint  
 getuigen, Christoffel Esterhuysen, als last. kbbende  
 van sijn moeder, <sup>en med. Christoffel</sup> en den <sup>verreiden</sup> Conyn in def  
 nwenstaander Contract vermett, demelke verfogten  
 vermett, de wedersijfte voldoeninge van dien  
 dat het selve moette werden gindoyent, soo geschiet  
 sijn bij desen, attum te secretarij vanont  
 Datum att. supra.

Als getuigen.  
 D. J. Jansz  
 D. J. Jansz

Christoffel  
 esterhuysen  
 Dit is 'c. mede van  
 sijnem Conyn  
 Ich konnse van Conyn  
 D. J. Jansz  
 D. J. Jansz

## BYLAE C

### VERSKILLENDE SPELWYSES VAN “HUY’S”

Die laaste gedeelte van die familienaam word in die Republiek van Suid-Afrika op verskillende wyses gespél, bv Esterhuys, Esterhuyse, Esterhuysen, Esterhuize, Esterhuizen, ens. Die verskillende spellings het hoofsaaklik voor 1795 ontstaan, toe daar aan die Kaap sowel as in Nederland geen vaste reëls vir die spelling van voor- en familienaam was nie. Elkeen het na goeëdunke geskrywe en gespél. Eers in 1812 is in Nederland wetgewing afgekondig vir die uniforme spelling van voor- en familienaam. In die geval van familienaam wat op “huis” geëindig het, is bepaal dat waar die van gebruik word om ‘n persoon te identifiseer, die enkelvoud gebruik moes word, bv. Johannes Oosterhuis. Verder sou net die spelwyse “huis” erken word. Waar ‘n groep met dieselfde van aangedui word, word die meervoud gebruik, bv Oosterhuizen-broers.

Teen daardie tyd was die Kaap reeds ‘n Britse kolonie, en die Nederlandse wet het nie gegeld nie. In Suid-Afrika is daar geen wetgewing rakende die korrekte spelling van familienaam nie. Hier geld net een reël, naamlik dat elke Suid-Afrikaanse burger sy voornaam en van moet spel soos dit by sy geboorte geregistreer is. Afwykings hiervan kan by die regsgeldigheid van testamente en kontrakte groot probleme veroorsaak.

Om ‘n uniforme spelling van die familienaam nou te probeer deurvoer, sal ‘n onwyse stap wees. Elke tak van die familie is gewoon en geheg aan die spelwyse wat hul volg en sal nie bereid wees om daarvan af te sien nie. Daarbenewens is aan elke skryfwyse ‘n stuk kultuurgeskiedenis verbonde wat verlore sal gaan. Die aangewese weg is dat elke lid van die familie voortgaan om sy familienaam te spel soos sy pa en oupa dit gedoen het.

## BYLAE D

## OMREKENINGSTABEL

Meeteenhede

Oppervlakte	:	1 morg (600 vk roede)	=	0,856 hektaar
Volume	:	1 kubieke voet	=	0,028 kubieke meter
Afstand	:	1 myl	=	1,609 kilometer
		1 voet	=	0,31 meter
		1 duim	=	2,5 sentimeter
Massa	:	1 pond	=	453,592 gram
	:	1 mudsak (203 pond)	=	94,079 kilogram

Geldeenhede

1 riksdalder	=	8 skellings	=	48 stuiwers
1 gulden	=	20 stuiwers		
1 Kaapse gulden	=	16, soms 20 stuiwers		

GRONDBRIEF VIR HARTENBERG

F 148


Is transporteer door P. Keyser 14 Maart 1721, vide T 1375

S.G. Dgm. No. 29/1704

Seemstaande tegevens is B. G. D. B. et. inconstand.

500' lozen door my gemeten

215' 1/2' die zij voor



Schaal van 200' Opstal

CANCELLED

do to Consolidated Form 76 (1922-25-3032)


Die plaats HARTENBERG 1 Mr 1886

folio 1104

vide 1104

regiter met de stellingsch folio 415 76

Hij Willem Adriaan van der Stel  
 Raad Ertog van Surinam van India, Gouverneur  
 van de Nederland. Westindische en Oost  
 Indische Compagnie van de Gode Hoop van de  
 Oost-Indische Compagnie, d'Onzever Hoop van de  
 Oost-Indische Compagnie




Die my aanden Landbouw  
 Christoffel van der Stel, op mijn verzoek, uer gemet, tege-  
 staan en gegeven hebben, gelyk hem uer gemet, tege-  
 staan en gegeven word by degen zeter stuk land  
 gelegen aan de Batslary onder het Distriet van  
 Stellenbosch het Hartenberg gemeend, gemeten  
 A B D. ten 1/2 100 roeden, B C 400, C D 1/2 W ten 1/2  
 330, D E O 1/2 W 235, E A W 200 roeden. Aende  
 alpoet te samen een uerheid van hetzij Morgen.  
 Gelyk dat de bovenstaande tegevens A B C D E A  
 door den Landmeter daerom gemaakt, konit  
 aenstonden. Suckkens of ten 1/4 uerren gaans  
 naar Elvansin de weg, N. naar Matthys Geyt geteete  
 plaas van de Batslary, W. A. W. naar Jan Verlaan,  
 oost o. o. krommen maglen recht om hetzelve stuk land,  
 van een of naar hetzelve betragen, beplanten,  
 bepaaten, betimmeren, dwelt te bezetten, om te gades  
 weder hand oet uerren zeter stuk land, elc uer uer te

GRONDBRIEF VIR WELTEVREDEN

Gehrauspoteer aan A. Bayer 60 des 1700 vide T. 514

S.G. 18/692



Jard 30 Morgen ou 1300 Paces  
Gehrauspoteer door  
J. J. de Me.

T. 1  
3000 2/1

ISSUED FOR INFORMATION IN ALLEEN VIR INFRASCHRIJVENDE

Die WELTEVREDEN Nr. 87

1002  
Widewoud  
reg. folio # 12 87

For subdivisions of this diagram see outline Stel. 5 VI - 580.

For subdivisions vide S.G.O. Copy

Vertical text and stamps on the left side, including 'ACQUISITION', 'EXTRA', and 'S.G.O.'.


Simon Van der Schel, Gouverneur  
der Nederlanden, in opdracht van de  
Koningin aan de Gedeputeerde Staten  
van de provincie Groningen, dat hij  
de volgende gronden, bestaande uit een  
stuk land van 30 Morgen, gelegen in de  
parochie van de Heilige Geest, te  
Groningen, heeft overgedragen aan  
de Gedeputeerde Staten van de provincie  
Groningen, te gebruiken als  
plantsoen voor de Koningin.

De Gedeputeerde Staten van de provincie  
Groningen, hebben de Koningin  
in naam van de Koningin  
overgedragen de volgende gronden, bestaande uit een  
stuk land van 30 Morgen, gelegen in de  
parochie van de Heilige Geest, te Groningen,  
te gebruiken als plantsoen voor de Koningin.  
De Koningin heeft de overdracht van deze gronden  
aan de Gedeputeerde Staten van de provincie Groningen  
geoorloofd.

KAART VAN HUIDIGE HARTENBERG

No. 231

1922



*Beacon Day*

Sides	Angles	C
<i>Cape Roads</i>		
ab 332.83	a 102. 6. 40	a + 3
bc 557.36	b 102. 1. 0	b -
cd 476.00	c 103. 13. 30	c - 1
de 185.82	d 122. 53. 20	d + 2
ea 662.83	e 109. 45. 30	e + 3
<i>Area (abcde) = 519 Morgen</i>		

*Kleinhoewes*  
*Remt of Nooitgedacht*  
*3642/1951*  
*3647/1951*

*The Remt of*  
*3642/1951*  
*3647/1951*  
*25.3.55*

The above diagram lettered *a'bcd'e'* represents 503 Morgen 300 Square Rods Square Feet of Land situate Bottelary Division of Stellenbosch, being H.A.

Consolidated  
 The farm HARTENBERG